1·91

MATIELAND





KOM TREE AF IN DIE HISTORIESE OMGEWING VAN STELLENBOSCH

Paradyskloof Villas, geleë in die vrugbare Stellenbosch-vallei, teen die agtergrond van majestueuse bergpieke, spog ongetwyfeld met een van die skilderagtigste liggings in Suid-Afrika. 'n Idilliese omgewing vir u aftreejare.

In hierdie eksklusiewe ontwikkeling word nie alleen die historiese karakter van Stellenbosch bewaar nie, maar ook die natuurlike prag van die statige ou eike-, geelhout-, amber-, esdoring- en populierbome wat Paradyskloof omring.

Die aantreklike, goed-toegeruste 2-, 3- en 4-slaapkamer moderne Kaaps-Hollandse enkelverdieping dorpshuise is sorgsaam ontwerp om by die rustige omgewing te pas.

Fase Een is reeds bewoon.

'n Wye verskeidenheid gerieue sluit in 'n swembad, tennisbaan en 'n nabygeleë gholfbaan.

Paradyskloof Villas bied u onafhanklikheid sowel as gesellige samesyn. Die luukse Gemeenskapsentrum huisves 'n eetkamer, sitkamer en dameskroeg, terwyl 'n sonterras oor die dam uitkyk.

Omvattende veiligheidsmaatreëls, 'n Gesondheidsorgsentrum met volle personeel, en 'n bestuurder op die perseel waarborg u gemoedsrus en welsyn.

Kom woon dus in Paradyskloof, vir 'n sorgvrye, stylvolle leefwyse. Maak Paradyskloof u tuiste – en belê in lewenslange geluk.





Paradyskloof Villas
STELLENBOSCH

Vir nadere besonderhede, of ons gratis brosjure, skakel ons tolvry by 0800-220220, of skryf aan PROPLAN, Posbus 414, Parow 7500.
Stellenbosch Agente: (02231)
ANNA BASSON EIENDOMME, Tel 74740
COETZENBURG EIENDOMSAGENTE, Tel 70922
LE ROUX EIENDOMSAGENTE, Tel 71229
WYNLAND EIENDOMME, Tel 98192

United
ONTWIKKELINGSKORPORASIE
IN SAMEWERKING MET
PROPLAN

Enige gelde wat deur u betaal word, word deur die United kragtens die Wet op Afgetredenes (Wet 65/1988) gewaarborg en geadministreer en kan nie deur enige persoon of persone wanbeheer word nie. Elke huis word onder deeltitel verkoop, wat registrasie in u naam waarborg.

Skouhuis tye:
Weeksdae vanaf 10.00 vm – 5.00 nm
Saterdae 11.00 vm – 5.00 nm
Rigtingaanwysings: Draai af in Paradyskloofweg oorkant Gholfbaaningang, 450 meters na Paradyskloof Villas.

Skakel nou om moontlike teleurstelling te voorkom.

ADMIX 15/60A

ISSN 0025-5947

Inhoud

1:91
Jaargang 35

MATIELAND

Redaksioneel 3
Fokus op 3
'Baie dankie, donateurs' 4
Byna R2 miljoen uit erflatings 5
Nog 25 lojales word vereer 5
125 jaar van hoër opvoeding 6
Oud-Matiebonde bly bedrywig 6
Saamtrekke 6
Fisici laat geld hulle ver buite SA 9
Eregrade vir skryfster, staatshoof, Raadslid 10
US-dosente na Hongarye oor samewerking 11
59 behaal D-grade 12
Engineering school for prospective students 13
Kunshistoriese skat reg vir die publiek 14
Navorsing haal die bitter uit Bitterfontein 18
Award for theatre research 18
Koor en Acáma kry hoë lof oorsee 19
Hoë gas het gehelp om proffies te fop 21
Visiting professor at Mathematics 22
Koshuis vereer 'n lojale Oud-Matie 22
Matie-gimnas presteer tot in Moskou 23
Rugbyspan na Verre Ooste 23
Soöloog met goue medalje vereer 24
Komponis wen prestige-prys 25
Nuwe sentrale rekenaar 'n klein 'slimmetjie' 25
Steunprogram vir militêre studente 26
1ste SA simposium oor OT se Grieks 26
Jaarvergadering van die Konvokasie 27
In memoriam 28
Aanstellings en bevorderings 30
Wêreld se kenners byeen oor plantfamilie 32
Spesiale kursus oor elektrisiteitstariewe 32

Oos-Europa – bl. 11

Koor oorsee – bl. 19



Presteerder – bl. 23

Steunprogram – bl. 26

Voorblad: 'n Voorgewel van die ou Bloemhof-skoolgebou, wat pas klaar gerestoureer is en binnekort as die Eben Dönges-sentrum sy deure vir die publiek gaan oopmaak. Van die US se kunsbesit sal o.m. daar in die Sasol-kunsmuseum te sien wees. Die sentrum word in Oktober amptelik in gebruik geneem.

Foto: Anton Jordaan, Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys, US

Redakteur: Hans Oosthuizen
Redaksiekantoor: Afdeling Openbare Betrekkinge, Universiteit van Stellenbosch, 7600 Stellenbosch
☎ (02231) 774633/774851
Adreslys: ☎ (02231) 774634
Faks (02231) 774499

Matieland word drie keer per jaar uitgegee vir oud-studente en donateurs van die Universiteit van Stellenbosch.

Gedruk deur Blackshaws, Kaapstad.



Om 'n Matié of Oud-Matie te wees, beteken om om te gee vir ons land en sy mense! Deur Uskor kan u help dat ons aan mekaar se toekoms bou. USKOR werk hoofsaaklik op Stellenbosch en omgewing en op die randgebied van die Kaapse skiereiland. Deur hulle deelname word studente toegerus met die waardes, gesindhede en kennis wat vir die toekoms van die land onontbeerlik is.

Dringende behoeftes bestaan in gemeenskappe waar daar gewerk word. So bv word vir Scottsdene 'n gemeenskapsentrum beplan, 'n kleuterskoolgebou in Macassar is baie nodig en so ook 'n sentrum vir gestremdes.

USKOR funksioneer ekonomies onafhanklik van die res van die Universiteit en het u hulp werklik nodig.

Pieter Cloete
Direkteur: USKOR

USKOR-KARNAVAL 1991

Die Karnavalkomitee is 'n fondsinsamelingsorganisasie wat al sy fondse na USKOR (Universiteit van Stellenbosch Kliniekeorganisasie) kanaliseer. Die bedrag beloop jaarliks sowat R300 000 en is USKOR se hoofbron (±60%) van inkomste.

Die Maties se Karnavalpoging en dié van 12 ander universiteite is deel van NASIONALE JOOL, die grootste studentefondsinsamelingsorganisasie ter wêreld.

Deur projekte van stapel te laat loop wat studente op gesellige wyse betrek en fondsinsameling as doel het, samel Karnaval geld in. Om hierdie projekte te kan aanbied, het ons egter u hulp en ondersteuning nodig.

By voorbaat dank

Christa de Swardt
Voorsitter: Karnavaalkomitee

JOU DONASIE KAN IEMAND SE WÊRELD . . . OMSWAAI

KARNAVALKOMPETISIE 1991

DONASIE R5,00

WEN 2 VLIEGTUIGKAARTJIES NA AMSTERDAM

PLUS R5 000 KONTANT

IN SAMEWERKING MET HYLTON ROSS

Pectora roborant cultus recti

1ste Prys:

2de Prys:	Week verblyf vir twee by D'OUWE WERF.
3de Prys:	R1 000 kontant geskenk deur BOLAND BANK.
4de Prys:	Avontuur vir 2 op Oranje of Doringrivier met RIVER RAFTERS.
5de Prys:	Baanbreker naaimasjien, wat die modernste steke maak, plus 'n standaard skêr, geskenk deur FRICK NAAIMASJIENE.
6de Prys:	Een week verblyf vir 2 by MONTAGUE HOT SPRINGS.
7de Prys:	Ses maande lidmaatskap by HEALTH AND RAQUET CLUB van u keuse.
8ste Prys:	R250 CLICKS geskenkbewys.
9de Prys:	R200 HAUM-UUB geskenkbewys.
10de Prys:	Boogie Board geskenk deur WORLD OF SURF.
11de Prys:	Skiereiland toer vir 2 geskenk deur SPRINGBOK ATLAS.
12de Prys:	R100 JEAN CRAIG POTTERY geskenkbewys.
13de – 15de Prys:	Dagsorg geskenkbewys by HIGH RUSTENBURG HYDRO.
16de Prys:	R100 LYNBRIKON LINEN AND HOTEL SUPPLIERS geskenkbewys.
17de Prys:	R100 MUSICA geskenkbewys.
18de Prys:	1 Kis Chateau Libertas Magnums geskenk deur SBW.
19de Prys:	Luukse skêr geskenk deur FRICK NAAIMASJIENE.

TEN BATE VAN USKOR

INSKRYWINGSVORM

US KARNAVALKOMPETISIE

1. VIR WATTER ORGANISASIE SAMEL MATIES KARNAVAL GELD IN?

   _____

2. IN SAMEWERKING MET WIE WORD DIE EERSTE PRYS GEREËL?

   _____

NAAM: _____

_____

ADRES: _____

_____

_____

TEL: _____

DANKIE VIR U ONDERSTEUNING

REËLS

1. Die Sluitingsdatum is 22 Mei 1991.
2. Geen korrespondensie sal gevoer word na wenners op 3 Junie 1991 aangekondig word.
3. Geen beperkings op aantal inskrywings.
4. Inskrywings met R5,00 donasie moet na Posbus 3118, Coetzenburg 7602 gestuur word.
5. Posorders en tjeks moet uitgereik word aan US Karnavalkomitee

•REDAKSIONEEL

Oud-Maties en hul Alma Mater

DIE VERHOUDING tussen **oud-student** en **alma mater** is in die oorspronklike (Latynse) begrippe *alumnus* en *alma mater* ingebed. *Alumnus*, afgelei van *alere* (om te voed) staan vir pleegkind, voedsterkind, leerling dus, wat geestesspyse ontvang. *Alma mater* het oorspronklik milddadige (*bounteous*) pleegmoeder, voedster beteken.

Vir ons as US-alumni is dit uit ervaring sinvol dat dié twee in 'n organiese, lewende, lewensonderhoudende verband met mekaar staan. Ontbreek dit, moet daar opnuut oor die moeder/kind-verhouding besin word - ook vanuit die hoek van ons veranderende lands- en samelewingsomstandighede.

Die US het sedert sy Victoriaanse voorgeskiedenis en latere universiteitswording (1918) deurlopend veel waarde aan die betekenis van sy oud-studentekorps geheg.

In 'n hoofstuk oor "De Oud-Studenten" vir die *Gedenkboek van het Victoria-Kollege* skryf dr. D.F. Malan in 1918 o.m.: "Aan Stellenbosch komt de onsterfelijke eer toe dat het zich er op toegelegd heeft Afrikaners voor Afrika te vormen en dat de Universiteit van Stellenbosch dat in de toekomst nog op veel groter schaal gaat doen." Dit is na 73 jaar steeds gepas, selfs profeties.

Is dié profesie nie nou 'n nuwe uitdaging nie? En wat van 'n ingrypende herbesinning oor die verhouding tussen US en Oud-Matie?

Dié verhouding is 'n tweerigtingstraat - die een is daar te wille van die ander. Toegeruste Oud-Maties word die wêreld ingestuur. Aan die ander kant voed Oud-Maties op hulle manier die straat in die teenoorgestelde rigting.

Die Oud-Matiekorps se taak is vierledig: Eerstens dat elke alumnus 'n ambassadeur, eksemplaar, selfs model van gehalte en voortreflikheid verteenwoordig. Tweedens dat alumni deur morele steun, gawes en invloed, ingeligte kritiek en aanmoediging help om dryfkrag en koers aan die US se ontwikkelingsprogramme en leidsmanne te verleen. Derdens om toe te sien dat die beste akademiese en bedryfskragte ná en nie weg van die US gekanaliseer word nie. En vierdens dat 'n al sterker betrokkenheid van ouers, oud- en huidige studente by die US 'n werklikheid word, veral t.o.v. die alma mater se stoflike behoeftes.

Die US se taak teenoor sy alumni kan vyfledig beskou word: Eerstens moet sy kanale van skakeling met huidige en oud-studente voortdurend en toenemend benut word, veral deur nuusblaaie, saamtrekke, sportbyeenkomste, ens. Tweedens moet die US voortgaan om sy dienste tot voordeel van sy alumni in die privaatsektor en in plaaslike gemeenskappe beskikbaar te stel. Derdens moet die US die vrymoedigheid hê (en, soos in die VSA, dit gegun word) om sy boodskap en oproep om steun via die alumnisektor uit te dra. Vierdens moet die Alma Mater trou aan sy akademiese voedingstaak bly, bv. om d.m.v. teikengerigte kursusse, seminare, ens. in sy kinders se behoeftes te help voorsien. Vyfdens moet die US só optree en hom só gedra dat hy van die breë, volgehoue steun, ook buite-om die finansiële, verseker kan wees.

Terwyl die oud-student die nalatenskap, die produk van sy universiteit is, vertoon die alma mater op die ou end dié beeld wat haar kinders van haar gemaak het.

C.J. Langenhoven het 'n belangrike lewenswaarheid t.o.v. sy geliefde alma mater in die eenvoudigste Afrikaans verwoord: "Dis 'n groot ding om te kan sê die Universiteit van Stellenbosch is myne. Dis 'n groter ding om hom nie net te neem soos ek hom ontvang het nie, maar om hom meer myne te maak met liefdebewyse van my kant af."

Dit is ook die volledige definisie van Oud-Matieskap.

Geredigeerde uittreksel uit 'n praatjie deur prof. Bun Booyens, President van die Konvokasie, voor 'n groep Oud-Maties onlangs op Stellenbosch.

FOKUS OP...

PROF JOHAN COMBRINK van die Departement Afrikaans en Nederlands, wat onlangs tot nuwe voorsitter van die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns verkies is.

Die kommissie is die belangrikste waghond en besluitnemer oor wat Afrikaans is, of nie is nie. As die hoogste gesag oor Afrikaans funksioneer die kommissie sedert 1915 ingevolge 'n landswet, die Wet op die Suid-Afrikaanse Akademie.

Prof. Combrink, een van Afrikaans se voorste taalghoeroes, werk by die Universiteit sedert 1975 toe hy prof. Willem Kempen as hoogleraar in die Afrikaanse taalkunde opgevolg het. En sedert dié jaar dien prof. Combrink ook as Taalkommissielid. As voorsitter volg hy ook in die spore van prof. Kempen, wat die kommissie tot 1976 dertien jaar gelei het.

Boonop het prof. Kempen se opvolger as kommissie-voorsitter, prof. Francois Odendal van Johannesburg, wat pas na 14 jaar die leisels aan prof. Combrink oorhandig het, ook 'n sterk US-verbintenis: Hy is 'n Oud-Matie wat sy doktorsgraad onder prof. Kempen se promotorskap verwerf het en by geleentheid as Afrikaans-dosent aan die US waargeneem het.

Johan Combrink het BA en 'n honneursgraad by Wits behaal, toe in Amsterdam gestudeer en D.Litt. aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Hy was verbonde aan die Universiteit van Natal in Durban (1963-'70) waarna hy professor aan die UPE was, o.m. in die algemene taalwetenskap.

Sy vrou, dr. Louise Combrink, 'n dosent in Afrikaans in die US se Fakulteit Opvoedkunde, het haar doktorsgraad in 1988 op Stellenbosch behaal. Hulle het drie kinders, waarvan die twee oudstes, 'n seun en 'n dogter, nou Maties is.

Prof. Combrink is die skrywer van een van die sestal belangrike Afrikaanse taalkunde-werke wat almal deur dosente van die Departement Afrikaans en Nederlands geskryf is. Dié groot departement se 15 dosente het op enkeles na almal doktorsgrade.

Een van hulle, prof. Rufus Gouws, dien ook in die Taalkommissie. Nog een, prof. Frits Ponelis, en 'n afgetrede dosent, prof. Meyer de Villiers, was voorheen kommissielede.

Die Taalkommissie se voorsitterskap is vir prof. Combrink 'n groot uitdaging. Hy neem oor op 'n tydstip dat die kommissie se belangrikste produk, die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*, heruitgegee word - die sewende keer sedert 1915 en die eerste keer sedert 1964. Nou gaan daar geprobeer word om dit meer gereeld, minstens elke drie of vier jaar, te hersien.

Wat die toekoms van Afrikaans betref, sê hy hy sal daarvoor baklei dat dit 'n ampstaal moet bly. "Meer nog: Dit moet ook in die werksaamhede van die staat gebruik word - deur moeder- en nie-moedertaalgebruikers."

• Stellenbosch 2000 groei tot R46,65 miljoen

'Baie dankie, donateurs'

Ondanks die heersende ekonomiese resessie, het die Stellenbosch 2000-fonds in 1990 met 'n nuwe rekordbedrag van meer as R7,87 miljoen tot altesaam, R46,65 miljoen aan kontant en beloftes gegroei. Dit is 'n groei van 20%.

"Aan die Oud-Maties en vriende van die Universiteit wil ons graag opreg dankie sê vir u daadwerklike steun. Sonder u finansiële ondersteuning – hoe groot of klein dit ook al is – sal die Universiteit wegkwyn tot 'n tweederangse inrigting," sê mnr. Sunley Uys, direkteur van die US Stigting, wat die 1990-vorderingsverslag van die Stellenbosch 2000- en Eeufeestrustfondse onlangs aan die Raad van Trustees voorgelê het.

Naas die US Stigting, wat vir fondswerwing by maatskappye en vir die verkryging van erflatings aan die Universiteit verantwoordelik is, werf die Afdeling Openbare Betrekkinge fondse by Oud-Maties, ouers van huidige studente en ander vriende van die US.

In kontant het die Stellenbosch 2000-fonds verlede jaar met R7 555 527 gegroei. Dit was 20,6% meer as die kontantinkomste van 1989 en het Stellenbosch 2000 se totale kontantinkomste op R40 922 580 te staan gebring.

Van die maatskappye is verlede jaar meer as R6,16 miljoen verkry, teenoor die R4,89 miljoen in 1989 – 'n verbetering van 26%. Maatskappye het verlede jaar meer as 80% van Stellenbosch 2000 se inkomste opgelewer.

Individue het in 1990 meer as R1,39 miljoen bygedra, teenoor sowat R1,3 miljoen die vorige jaar, wat 'n toename van 6,5% is. Uit erflatings is ongeveer R632 000 tot Stellenbosch 2000 en meer as R1,3 miljoen tot die Eeufeestrustfonds toegevoeg.

Mnr. Uys wys in sy verslag daarop dat 'n agttal faktore die fondswerwingsklimaat verlede jaar ongunstig beïnvloed het. Dit sluit o.m. in die al dieper wordende ekonomiese resessie, 'n skerp daling in sakevertroue, 'n prysinstorting op die Aandelebeurs en die skerp brandstofprysstyging vanweë die Midde-Oosterse krisis.

Die ander faktore wat fondswerwing nadelig geraak het, was die hoë reële rentekoers (wat ekonomiese aktiwiteit gedemp het); wydlopende werkloosheid, arbeidsonrus, stakings en misdaad; faksiegevegte in swart woongebiede met gevolglike groot lewensverlies; en die onsekerheid oor die uitkoms van die onderhandelingsproses oor Suid-Afrika se nuwe grondwet en politieke bestel.

'n Vyftal faktore het egter 'n gunstige uitwerking op die fondswerwingsklimaat gehad, sê mnr. Uys. Dit sluit in die staatspresident se staatsmanskap wat internasionale deure oopgemaak het; die inflasiekoers wat sy dalende neiging voortgesit het; uitvoere wat matig toegeneem het; die dollarprys van goud wat 'n vlak gehandhaaf het wat dit vir die sogenaamde grens-goudmyne moontlik maak om met produksie voort te gaan; en die sagtevrugtebedryf se rekordresultate.

Verder wys mnr. Uys in sy verslag op vier neigings wat in die afgelope jaar by fondswerwing na vore gekom het.

Eerstens is sakelui onseker oor die ekonomiese beleid wat 'n demokraties verkose regering kan hê en hulle wil hulle dus meestal nie tot termynskenkings verbind nie.

Tweedens kry vakbonde en werkersorganisasies al hoe meer inspraak in die toekenning van maatskappye se "sosiale verantwoordelikheidsbegrotings" en wend dan al hoe meer van dié fondse aan om hul eie mense se lewensomstandighede op te hef.

Derdens kanaliseer maatskappye hul skenkings oor die algemeen na die primêre swart onderwys, waar daar groot behoeftes bestaan, sodat skenkings aan tersiêre onderwys krimp.

Laastens is dit vir Oud-Maties al moeiliker om hul eie skenkings aan die US te handhaaf, omdat hul reële inkomste krimp en die skenkingsaansprake uit hul eie gemeenskappe toeneem.

• Prof. Mike de Vries, Rektor en Visekanselier, het Stellenbosch 2000 in 1980 begin, aanvanklik met 'n mikpunt van R20 miljoen teen 1990. Nadat dié mikpunt bereik is, is die doelwit verhoog na R100 miljoen teen die jaar 2000. Sowat 40% van hierdie mikpunt is nou reeds bereik.

Stellenbosch 2000 se doel – soos prof. de Vries dit destyds aangekondig het – is om die Universiteit in staat te stel om sy bydrae tot die voorsiening van die land se behoefte aan hoogs opgeleide werkskeppers en leiers teen 2000 te lewer, veral deur navorsing en nagraadse opleiding aan die US te stimuleer. □

STELLENBOSCH 2000-FONDS
JAARLIKSE TOEVOEGING TOT FONDS
SEDERT STIGTING



Wiskunde-departement 100 in 1992

DIE Departement Wiskunde beplan 'n simposium oor "Wiskunde in Afrika" as deel van sy eeufeesviering in 1992. Met dié simposium wil die departement die behoeftes en uitdagings van wiskunde-onderrig op sekondêre en tersiêre vlak ondersoek, en dalk ook die nywerhede se behoeftes in oënskou neem.

Indien moontlik, sal wiskundiges uit ander Afrika-lande ook by die simposium betrek word.

'n Reünie van Oud-Maties wat minstens tweedejaar-wiskunde aan die US geslaag het, word beplan om met die simposium saam te val.

Alle oud-studente van die departement word genooi om hul name en adresse aan die eeufeeskomitee, Departement Wiskunde, Universiteit, Stellenbosch, 7600, 02231-773282 te stuur. □

Byna R2 miljoen uit erflatings

SOOS IN die vorige jare, was testamentêre bemakings in 1990 weer een van die US se belangrikste inkomstebronne. R1 937 692 is in die afgelope jaar in kontant en aandele uit boedels verkry.

Onder die grootste erflatings wat in 1990 ontvang is, is R443 446 kontant uit wyle mnr. E. H. Broden 'n Postmasburgse bees- en karakoelboer, se boedel.

Hy was nie 'n Oud-Matie nie, maar het 'n familielid geldelik gehelp om sy studies op Stellenbosch te voltooi en het daarna besluit op 'n erflating wat behoeftige jongmense kan help om aan die US te studeer.

'n Kaapstadse Oud-Matie, prof. J. du P. ("Canis") Scholtz, 'n Afrikaanse taalkundige, kunskenner en afgetrede hoogleraar aan die Universiteit van Kaapstad, het in sy bedoel R100 000 kontant aan die US nagelaat. Ook dié bedrag moes belê word sodat studiebeurse vir Maties uit die rente-opbrengs toegeken kan word.

Die Universiteit het ook prof. Scholtz se waardevolle kunsversameling van 310 werke geërf. Die meeste daarvan is reeds voor sy dood aan die US oorgedra. Dit gaan as eenheid behoue bly en sal vanaf die einde van vanjaar op die kampus vir die publiek ten toon gestel word (Lees *Matieland* 2:89).

Uit nog 'n inwoner van die Moederstad, mev D. K. Solomon, se bedoel het die US R51 235 gekry.

Mnr. J. F. Theron, wat voor sy dood in 1970 op Tulbach geboer het, het aandele en kontant aan die Universiteit bemaak. Ná sy enigste oorlewende gesinslid, mev. A. C. J. Theron, se dood vroeg verlede jaar, het die US meer as R1,24 miljoen se aandele en kontant (lg. was sowat R30 000) uit die Theron-boedel ontvang. Die Universiteit het ook die egpaar se klein plasie by Tulbach geërf, en is nou besig om dit te verkoop.

Mnr. Theron was 'n boorling van Tulbach, waar hy sy lewe lank gewoon het. Hy was 'n boer en ook direkteur van verskeie koöperasies, waaronder Wesgraan, Spekenham en die Drostdykoöperasie.

Soos mnr. Broden, was mnr. Theron en mev. Solomon ook nie Oud-Maties nie.

Naas dié vier groot erflatings het die Universiteit verlede jaar 'n aantal kleiner kontantbemakings, asook kunswerke, boeke en dokumente ontvang.

Baie mense vir wie dit al hoe moeiliker word om elke jaar kontant aan die Universiteit te skenk, bemaak dan eerder geld, aandele, vaste eiendom, kuns- en ander waardevolle versamelings, boeke, polisse (aan die US gesedeer) of enige ander realiseerbare bates.

Die Universiteit stel elke erflating – al is dit ook hoe klein – hoog op prys. Alle testamentêre bemakings aan die US is heeltemal van boedelbelasting vrygestel.

Elkeen wat die Universiteit in sy/haar testament wil begunstig of meer oor so 'n erflating wil uitvind, kan met die US Stigting (Philip de Witt, 02231-774638) in verbinding tree. □

Nog 25 lojales word vereer

Volgens 'n opname wat die Komitee vir Universiteitshoofde 'n ruk gelede gedoen het, is die US se personeelomset die laagste in die land, het prof. Mike de Vries, Rektor en Vise-kanselier, gesê toe hy langdienstoekenings aan 25 personeellede oorhandig het.

Dié vereerdes het tot einde 1990 elk reeds tussen 25 en 26 jaar by die Universiteit gewerk. Elkeen het 'n sertifikaat asook 'n geskenk van sy/haar keuse gekry.

Die Universiteit ken sulke langdienstoekennings reeds sedert 1986 toe. Altesaam 270 personeellede het dit reeds ontvang.

Onder die nuutste ontvangers is prof. Christo Viljoen, dekaan van Ingenieurswese (en die SAUK se voorsitter) asook 12 ander dosente: proff. J. A. Matthee (Rekeningkunde), P. E. Walters (Fisika), G. F. C. de Bruyn (Wiskunde), N. J. le Roux (Statistiek), I. J. van der Merwe (Geografie), en D. J. van Zyl (Geskiedenis); senior lektore drr. H. W. Stindt (Biochemie), en J. A. Brink (Chemie) en mnr. C. J. Calitz (Bedryfsielkunde); asook lektore mnre J. D. Stemmet (Frans) en A. G. Noyce (Soölogie) en mev. R. Ottermann (Huishoudkunde). 'n Navorser, mnr. J. D. van Zyl (Houtkunde) het ook 'n toekenning gekry.

Mnre. D. J. M van Eyk, hoof van Aankope en Voorsiening, en D. D. Nel eerste administratiewe beampte in die Administrasie, is ook onder die vereerdes.

Die ander wat toekennings gekry het, is mevv. S. K. Pietersen (kok, Monica), C. N. Swanepoel (departementele beampte, Sielkunde), M. M. van der Riet (bibliotekaris, J. S. Gericke-biblioteek) en A. S. G. Landman (senior sekretaresse, Chirurgie) asook mnre. J. J. de Koker (senior assistent , Botanie), Z. Plaatyi (gevorderde plaasassistent, Mariendahl), G. Shenxani (senior plaasassistent, Welgevallen), J. J. Christians (senior handlanger, Instandhouding), en H. E. Orsen (senior assistent, Menslike Bewegingskunde). □

Toekennings vir dienstydperke van 25 jaar aan die US is aan 25 personeellede gedoen. Hier by dié geleentheid in die Langenhoven-studentesentrum is mev. Sarah Pietersen, kok in die dameskoshuis Monica, mnr. Henry Orsen, senior asisstent in die Department Menslike Bewegingskunde, prof. Diko van Zyl, hoogleraar in die Departement Geskiedenis, en mnr. Danie Nel, eerste administratiewe beampte in die Universiteitsadministrasie.

Bond vir kerkkoor se oud-lede

Die Koor van die Stellenbosse NG Studentekerk het 'n Bond van oud-kerkkoorlede gestig en gee onder meer 'n kwartaalblad uit om die oud-lede van die koor se doen en late op hoogte te hou. Die bond beplan ook om twee keer jaarliks 'n gesamentlike optrede van oud- en huidige koorlede in die Studentekerk aan te bied.

Anton Els is die huidige dirigent. Hy het vroeg verlede jaar die leisels oorgeneem by mnr. Pieter van der Westhuizen, 'n dosent aan die Konservatorium, wat die koor 21 jaar gedirigeer het.

Die koor se oud-lede kan hul name en adresse saam met die ledegeld van R10 per jaar stuur aan:
André Leuvennink, Rokewoodlaan 3, Die Boord, Stellenbosch, 7600, ☎ 02231-78942. □

125 jaar van hoër opvoeding

OP 1 MAART vanjaar was dit presies een en 'n kwart eeu sedert die ontstaan van die "Stellenbosch Gymnasium" – waaruit die US mettertyd ontwikkel het.

Dié gebeurtenis in 1866 het gespruit uit die Kweekskool se ontstaan op Stellenbosch teen 1858, omdat 'n inrigting vir hoër onderwys toe nodig was waar die Kweekskool-studente vir hul studies voorberei kon word.

Die "Arts Department" wat binne die "Gymnasium" ontwikkel het, het in 1881 die "Stellenbosch College" geword. Met die inwyding van 'n nuwe kollegegebou (die huidige Ou Hoofgebou) in November 1886 is voorgestel dat die kollege tot "Queens College" verdoop word omdat dit koningin Victoria se jubileumjaar was. Probleme is voorsien met die Nederlandse vertaling hiervan, en so is besluit op Victoriakollege, die naam wat vanaf 1887 gebruik is.

Rondom Uniewording in 1910 is die jong kollege se voortbestaan bedreig toe daar gepoog is om slegs een universiteit vir Suid-Afrika, in Kaapstad, te hê. Die Stellenbosse inrigting se voortbestaan is verseker toe die Victoria-kollege op 2 April 1918 die Universiteit van Stellenbosch geword het.

Die US het 25 jaar gelede, in 1966, die 100-jarige bestaan van hoër onderwys op Stellenbosch feestelik gedenk. □

Oud-Matiebonde bly bedrywig

EENMAAL 'n Matie, altyd 'n Matie. Al het 'n mens ook hoe lank gelede op Stellenbosch afgestudeer, voel jy as lojale Oud-Matie altyd deel van die groot US-familie.

En gelukkig is daar op feitlik elke plek in die land 'n Oud-Matiebond wat 'n mens met ander Oud-Maties in aanraking bring en jou help om die bande met die Alma Mater te verstewig.

Die Oud-Matiebonde het in 1990 weer landwyd 'n twintigtal reünies of ander saamtrekke gereël. Met baie daarvan het die Afdeling Openbare Betrekkinge gehelp.

Dit is dié afdeling se strewe om alle Oud-Maties sover as moontlik op die hoogte te hou van sake rakende die US – want as Oud-Matie kan jy net 'n ambassadeur en bondgenoot vir jou Alma Mater wees as jy oor die toepaslike inligting en kennis beskik.

Volgens mnr. Johan Fechter, direkteur van die Afdeling Openbare Betrekkinge, was daar in die afgelope jaar veral weer baie belangstelling in die bedrywighede van die Oud-Matiebonde.

Oud-Maties kan met die Afdeling in verbinding tree oor moontlike saamtrekke, navrae of enige ander sake rakende die Universiteit. (**Mnr. Fechter** se telefoonnommer is 02231-774644).

Die afdeling beskik ook oor vier skakelbeamptes wat elk vir 'n deel van die land verantwoordelik is, om te sorg vir wedersydse kommunikasie tussen die Universiteit en die Oud-Maties. Hulle is:

- **Mnr. Piet de Klerk**, bestuurder: Transvaal (☎ 011-7825569) – wat o.m. vir die belange van Oud-Maties in Transvaal verantwoordelik is. Sy adres is 5e straat 54, Linden, 2195 of Posbus 48898, Rooseveltpark, 2129.
- **Mnr. Haas Kruger** (☎ 02231-774640) – hy bring gereeld besoek aan oud-studente in die Vrystaat, Noord-Kaapland en Natal..
- **Mnr. Hannes de Jong** (☎ 02231-774643) – skakelman vir die Oud-Maties in die SWD, langs die Weskus en in Namibië.
- **Mnr. Willie Louw** (☎ 02231-774929) – wat oud-studente in die Boland, Oos-Kaapland en die Skiereiland en omgewing besoek.

Skakeling met die Oud-Maties, enige plek ter wêreld, word natuurlik ook bewerkstellig deur *Matieland*. Dié blad – wat drie keer per jaar verskyn – probeer om Oud-Maties op die hoogte te hou van die Universiteit se doelwitte, beleidsrigtings, vooruitgang en struikelblokke.

Oud-Maties kan op hulle beurt die blad se redaksie op hoogte hou van uitstaande prestasies deur Oud-Maties. Alle voorstelle, inligting, ensomeer kan gestuur word aan die Redakteur, *Matieland*, Afdeling Openbare Betrekkinge, Universiteit, Stellenbosch, 7600 (☎ 02231-774851).

Japie Louw (links) en (langs hom) Wilna Lourens was die organiseerders van die saamtrek wat op Vryheid gehou is vir die Oud-Maties van dié dorp, Dundee, Louwsburg en Paulpietersburg. By hulle is mnr. Kobus de Swardt, die oudste Oud-Matie wat daar was, prof. Julius Jeppe, hoof van die US se Departement Ontwikkelingsadministrasie wat die geleentheidspreker was, en ds. Bennie Meyer.

Saamtrekke

Sowat 120 mense het die saamtrek op Mosselbaai bygewoon, waar prof. Jan de Bruyn die geleentheidspreker was. Hy is hier (regs. op die foto links onder) by Sybrand en Annatjie de Beer. Regs onder, by dié saamtrek, is Krige en Maryke Zietsman en Melchior Johnson.

Sowat 180 Oud-Maties en ouers van studente het 'n byeenkoms op Sasolburg bygewoon. Bo: Prof. Willie Breytenbach (vierde van links) van die Departement Politieke Wetenskap, die geleentheidspreker, is hier by die organiseerders, Johan en Hanlie Venter, Anita de Wit, Johann en Elize Bosman, Charles Duckitt en Carla Sinclair. Links: Ook by dié saamtrek was drie van die oudste Oud-Maties van die omgewing, Hendrik Scott, Piet Heymann en Gys Steyn.

REGS ONDER: Huis Marais se oud-inwoners van die sewentigerjare wat nou Transvalers is, het 'n reünie in Pretoria gehou wat bygewoon is deur o.a. Bertie le Roux, Nandus Groenewald, Chris Krüger, Saal de Jager (1978-primarius) en Tonie Vermeulen. 'n Vereniging vir dié koshuis se oud-inwoners in Transvaal is gestig (Navrae: Willie Smit, ☎ 012-9987533; of 012-3452361).

BO: Nelspruit se Oud-Maties en -Tukkies hou sedert 1989 elke jaar 'n sportdag waar oud-studente in vier sportsoorte (gholf, krieket, sokker en muurbal) teen mekaar meeding. Onder die vyftigtal mense by verlede jaar se sportdag, by die Malelane-buiteklub, was, agter: Francois Malan en Bokkie Lemmer (albei Oud-Tukkies), Piet Steyn (wat op Stellenbosch en aan die UP gestudeer het), Johan Grove (US), Adriaan Langenegger (UP) en Anton Wiid (US). Middel: Herman van Dyker, Hettie Swart en (dr.) Blackie Swart (al drie van die UP) asook Deon Joubert (US). Blackie en Deon het die sportdag gereël. Voor is Ronnie Collé (UP) en Neil Viljoen (US).

LINKS ONDER: Die Natalse oud-studente van agt universiteite het einde verlede jaar by die Mount Edgecombe-buiteklub op 'n gholfdag teen mekaar meegeding - met die Oud-Maties as wenners. Dit was die tweede jaar dat so 'n toernooi gehou is. Volkskas, wat die gholfdag geborg het, se Natalse streekbestuurder, mnr. Herklaas Ferreira (naaslinks) is hier by die 1990-wenspan: Bill Skinner, Rein Kelder (wat saam met oud-Tukkie Poenie Holm die toernooi gereël het), Ben van Heerden, Brian Galgut, Johan Krog, Gilbert Durow, Johan Strauss en Simon van den Bosch. Die ander oud-studente wat verlede jaar deelgeneem het, in die orde waarin hulle geëindig het, is dié van die UP, Wits, Natal, OVS, UK, Durban-Westville en Potchefstroom.

REGS ONDER: Die Transvaalse Oud-Matie-gholfklub was verlede jaar weer die wenners van die Davisbeker. Hier is dié wenspan (agter) Christo Badenhorst, Johan Walters, Len Katz, Louis Botha, Schalk Naude, CP Terblance en Cyril Katz (bestuurder van die Kyalami-gholfklub) asook (voor) Pieter Krogh, Dirk Swart (met die Davisbeker), Arend de Waal (die klub-voorsitter, met die skild wat deur Deloitte Pim Goldby vir die klubkampioenskapstoernooi geskenk is), Jannie Nel en Carl Schoonraad.

• PROMOSIE-ARTIKEL

Unieke aanbod : 'n Huis op Stellenbosch

Op Stellenbosch is blyplek nie net duur nie, maar ook moeilik verkrygbaar.

Vir studente se ouers bied 'n eiendomsagent, mnr. Francois van Breda, nou nie net 'n oplossing vir hul kinders se losiesprobleme nie, maar ook geleentheid om spotgoedkoop 'n huis en erf op Stellenbosch te koop, wat uiteindelik weer teen 'n aansienlike wins verkoop sal kan word.

Dié eiendomme is teen vanaf slegs R65 000 beskikbaar – wat vir Stellenbosch letterlik spotgoedkoop is .

Dit is boonop uiters gerieflik geleë: sowat 2,5 km vanaf die kampus, in 'n stil, rustige omgewing aan die buitewyke van die Eikestad, en met 'n pragtige uitsig.

Finansiering kan gereël word, teen 'n terugbetaling van sowat R900 per maand. Dié koste kan deels gedelg word uit die onderverhuring van kamers of 'n deel van die huis aan ander studente.

As dit 'n jaar of langer is voordat u kinders op Stellenbosch kan gaan studeer, kan die huis intussen verhuur word.

Oud-Maties e.a. belangstellendes kan mnr. Van Breda (021-888968/9) om meer besonderhede skakel.

Van Breda Estates
Property Brokers

166 MAIN ROAD – MUIZENBURG 7951 – CAPE TOWN
PHONE: 88-8968/9

LOSIESPROBLEME OP STELLENBOSCH? ONS HET DIE ANTWOORD!

Ons het 120 erwe ± 250m² groot, geleë 2,5 kilometers vanaf die Universiteit!

Huise sal opgerig word en gesamentlik met die erf verkoop word vanaf R65 000,00. Daar sal 'n keuse wees van twee-, drie- of vierslaapkamerhuise. Die erwe is geleë in 'n stil en rustige omgewing, en 'n pragtige uitsig is ingesluit.

Ons voel 'n huis soos dié kan al u losiesprobleme oplos, en ons sal selfs so ver gaan as om te sê u behoort **DIE KOSTE VAN U KIND SE UNIVERSITEITSOPLEIDING TE VERHAAL** uit u wins as u die eiendom weer deur ons bemark wanneer u kind se universiteitsopleiding voltooi is! U kan ook help om onkoste te delg deur 'n $\frac{1}{2}$- of $\frac{2}{3}$- deel aan ander studente te verhuur!

As u nie kans sien vir so 'n groot kontantuitgawe nie, kan ons vir u finansiering reël tot op 100% van die totale koopprys, met maandelikse terugbetaling vanaf ± R900,00 per maand! Besit van 'n nuwe huis sal ongeveer 3 maande wees vanaf handtekening, afhangende van die weersomstandighede.

Dit is 'n unieke aanbod en kan nie herhaal word nie! Onthou daar is 8 000 ander studente se ouers met dieselfde probleem!

Telefoon: (021) 888968/9 – Kantoor
(021) 881348 – Na Ure

Verkoopsagent:
FRANCOIS VAN BREDA
MIEA. CIEA. CRS (SA)

Fisici laat geld hulle ver buite SA

Die US se Instituut vir Teoretiese Fisika (ITF) maak lankal sy stem dik in internasionale geledere.

Al die instituut se personeel presteer beslis. Hulle is ongetwyfeld wetenskaplikes van internasionale formaat wat navorsingsresultate, veral oorsee, publiseer en dit met die Westerse wêreld uitruil. En elke ITF-personeellid het al een of meer prestige-toekennings gekry.

Die instituut se hoof is prof. Chris Engelbrecht, ook dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe. Hy het in 1978 professor in fisika aan die US geword nadat hy hoof van die Teoretiese Fisikagroep by die Raad op Atoomkrag (RAK) in Pretoria was.

Ná 'n RAK-rasionalisering en -herstrukturering, het prof. Engelbrecht die personeel wat daar met hom saamgewerk het vir die US gewerf,. Hulle is proff. Fritz Hahne en Hendrik Geyer en dr. Frikkie Scholtz.

Die ITF se personeel is hier by 'n besoeker uit Pole, dr. Jacek Dobaczewski (links agter) wat verlede jaar ses weke saam met hulle navorsing gedoen het. Voor is proff. Chris Engelbrecht en Hendrik Geyer, dr. Frikkie Scholtz en prof. Fritz Hahne. Langs dr. Dobaczewski staan mnre. Nic Theron en Evan de Kock.

Prof. Hahne het reeds in 1981 by die US se fisikadepartement aangesluit. In 1983 het prof. Engelbrecht met die RAK onderhandel om 'n deel van dié instansie se Teoretiese Fisikagroep as 'n instituut by die US in te skakel. So is (toe nog dr.) Geyer en (mnr.) Scholtz Stellenbosch toe oorgeplaas en in 1984 kom die Instituut vir Teoretiese Kernfisika tot stand, met dié vier geleerdes as personeellede, party van hulle deeltyds.

Sedert 1990 heet dit die Instituut vir Teoretiese Fisika, want sy navorsingsveld het nou heelwat verbreed.

Prof. Engelbrecht sê die ITF doen basiese navorsing. "Die meeste van ons navorsing is byvoorbeeld daarop gerig om die struktuur van atoomkerne te verstaan. Ons werk handel ook oor statistiese fisika en astrofisika, wat vir sterrekundige verskynsels van belang is."

Die ITF is nie afgeslote nie. Sy personeel se bevindinge word veral in buitelandse vaktydskrifte gepubliseer. Hulle lewer ook gereeld daar konferensie-bydraes. Die instituut het talle buitelandse verbintenisse, veral in Amerika, Wes-Duitsland en elders in Europa, Australië, Japan, Taiwan en Suid-Amerika.

Voorste buitelandse fisici besoek ook gereeld die ITF. 'n Pool, dr. Jacek Dobaczewski, het byvoorbeeld verlede jaar vir ses weke saam met die instituut se personeel op Stellenbosch navorsing gedoen. Nog 'n belangrike besoeker onlangs was prof. Peter Ring van München.

In die eerste semester vanjaar word prof. Abraham Klein van Pennsylvanië en Manfred Weigel van München ontvang.

Die ITF se lede is aktief betrokke in die Suid-Afrikaanse fisika-gemeenskap. Prof. Engelbrecht was 12 jaar redakteur van die SA Tydskrif vir Fisika en nou is proff. Hahne en Geyer die redakteurs. Dan is prof. Engelbrecht in sy tweede termyn as president van die SA Instituut vir Fisika en prof. Hahne is die visepresident.

Hulle dien ook al drie in die Organisasie van Teoretiese Fisici se bestuur en prof. Geyer is die redakteur van dié liggaam se jaarlikse seminaar. Onder andere is hulle ook aktief betrokke by die reëlings van internasionale somerskole oor gevorderde onderwerpe in Suid-Afrika. Sedert 1981 is sewe reeds gehou, twee daarvan op Stellenbosch. Prof. Hahne dien ook in die kollegium van die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO).

Verlede jaar was prof. Engelbrecht die leier van die Suid-Afrikaanse afvaardiging wat in September aan die "International Union of Pure and Applied Physics" se vergadering in Dresden, Duitsland, deelgeneem het en hy was ook lid van die afvaardiging wat in Oktober die algemene vergadering van die oorkoepelende liggaam, die "International Council of Scientific Unions", in Sofia, Bulgarye, bygewoon het.

Die nagraadse studente wat hulle navorsing aan die instituut gedoen het, het almal cum laude geslaag. Jannie Engelbrecht (prof. Engelbrecht se seun) en Jan von Delft is albei met spesiale SNO-merietetoekennings Amerika toe om hul Ph.D.-grade te behaal en Simon Marais is met 'n soortgelyke beurs na die Universiteit Cambridge in Engeland. Evan de Kock, wat onder prof. Hahne aan 'n Ph.D werk, het in 1989 die Gencor-toekenning vir die beste M.-verhandeling ontvang.

Al vier lede van die ITF het die buiteland in verskillende stadiums met toekennings van die Von Humboldt-stigting besoek.

In 1987 het die Suid-Afrikaanse Instituut vir Fisika sy silwerjubileummedalje aan prof. Geyer toegeken as erkenning en verdere aanmoediging aan "'n voortreflike Suid-Afrikaanse fisikus wat jonger as 35 is". Dr. Scholtz het in 1985 die voorreg gehad om 'n driejaarlikse byeenkoms van Nobelpryswenners in Lindau, Duitsland, op die WNNR se koste by te woon.

Die jongste ITF-suksesverhaal is dié van Nic Theron (22), wat aan die RAU 'n Sasol-merietebeurs vir uitmuntende prestasie asook die nasionale Eskom-toekenning vir toppresteerders ontvang het. Hy is nou aan die US besig met 'n M.Sc.-studie onder leiding van prof. Geyer. □

Die US-vrouehokkieklub onder leiding van sy organiseerder, Jackie Wiese, het weer 'n groot borgskap van Kaidel Edms. Bpk. ontvang. Die firma se hoof, mev. Ria Nicholls (1989 se Sakevrou van die Jaar) het R20 000 (30% meer as voorheen) oorhandig en onderneem om dié borgskap voort te sit. Sy is hier (naaslinks) by mnr. Butch Lochner, direkteur van Sport en Ontspanning, mev. Kotie Smuts, die klub se erepresident, Lisa Wheatley, klubkaptein, en Jackie Wiese.

Eregrade vir skryfster, staatshoof, Raadslid

DIE UNIVERSITEIT het in Desember eredoktorsgrade toegeken aan drie Suid-Afrikaners wat elk op 'n ander terrein in die samelewing diep spore getrap het. 'n Eredoktoraat in die lettere, D.Litt. (h.c.), is toegeken aan die skryfster Audrey Blignaut. Pres. F. W. de Klerk het D.Phill. (h.c.) ontvang. 'n Bekende nyweraar, dr. Marius de Waal, wat ook 'n US-raadslid is, is met D.Ing. (h.c.) vereer. Drr. Blignaut en De Waal is Oud-Maties.

Dr. Audrey Blignaut (gebore 1916, née Swart, tans De Villiers) het ná die voltooiing van haar skoolopleiding op Bredasdorp, haar geboorteplek, ses jaar aan die US gestudeer. Sy behaal MA (Afrikaans en Nederlands), SOD asook 'n drama- en toneelkunsdiploma, al drie met onderskeiding. Sy dien ook in die Stellenbosse Student se redaksie saam met o.a. W. A. de Klerk, F. A. Venter en haar latere man, Andries Blignaut.

Ná 'n kort tyd as waarnemende dosent in opvoedkunde, US, 'n tyd as dosent aan die Opleidingskollege Wellington en onderwysposte op Stellenbosch en Kuilsrivier, was sy vir elf jaar redaktrise van 'n weekblad, *Die huisvrou*. Sedert 1946 lewer sy ook steeds bydraes vir die Afrikaanse radio-programdiens.

As skryfster is sy sedert 1950 ten nouste verbonde met die essay, waarvan sy nie net 'n voortreflike eksponent nie maar 'n kenner is. Ná Langenhoven is sy die beduidendste skrywer in Afrikaans wat dié gesofistikeerde genre laat slaag het. Haar essays is in 'n tiental bundels vervat. Dáaruit is twee bloemlesings saamgestel: *Nogtans sal ek jubel* (deur Elize Botha in 1977) en *Oulap se rooi* (Berta Smit, 1988)

Nadat sy *ad hoc* in die SA Akademie se keurkomitee vir die Hertzogprys gedien het, was sy gedurende 1971-'81 'n volle lid van die Akademie se letterkundige kommissie. Sy was die eerste vrou in die Akademie se fakulteitsraad.

Sy is vereer met die Eugène Marais-prys (1961), W. A. Hofmeyr-prys (1965), Dekorasie vir Voortreflike Diens (1982) en (in 1980) met die Italiaanse Adelaide Ristori-prys wat wêreldwyd gaan aan vroue-leiers in die kultuurlewe.

In die motivering vir die toekenning van 'n US-eregraad aan haar word sy beskryf as "'n ware aristokraat van die gees" en 'n verteenwoordiger van die "ewige" waardes waarop beskawing gebou is: kennis, verdraagsaamheid en respek vir alle prestasies wat sin aan die menslike bestaan gee.

Die terrein waarop sy dié waardes uitleef en geesdrif daarvoor skep en bestendig, is die boekbespreking. Haar boekresensies (oor die radio en gepubliseer) is ruim so gewild as haar essays. "As Langenhoven die Afrikaner leer lees het, het Audrey Blignaut gesorg dat hy aan die lees bly."

Sy het 'n leeftyd lank met "ongelooflike toewyding" 'n tussenganger tussen die boek en die leser gebly. Landwyd is sy met leeskringe gemoeid en het selfs 'n gids hiervoor (*Van leser tot leser*, 1980) geskryf.

"Audrey Blignaut is 'n opvoeder van statuur. Sy verdien in alle opsigte 'n plek langs die grotes van die verlede – mense soos C. J. Langenhoven, Con de Villiers en M.E.R."

Dr. F. W. De Klerk (gebore 1936) het BA en LL.B. op Potchefstroom behaal, waar hy SR-ondervoorsitter was. Hy word in 1961 'n vennoot in 'n Vereenigingse prokureursfirma, kies in 1972 die politiek bo 'n aanbod om professor op Potchefstroom te word en word Vereeniging se LV in 1973.

Ná ses kabinetsposte vanaf 1978 word hy in 1989 Staatspresident, onder moeilike omstandighede: ernstige politieke probleme, druk op die ekonomie en toenemende internasionale isolasie. Visionêre leierskap wat pro-aktief op die landsprobleme sou inwerk en nuwe opsies sou open, was nodig.

Hy neem die inisiatief verrassend dinamies. Sy nuwe bestuurstyl – vir die kabinet én staatsdiens – het berus op spanwerk, deelname en konsensus oor belangrike sake rakende die landstoekoms. Kundigheid het meer aksent gekry; kommunikasie tussen die staat en belanghebbendes soos die private sektor, meningsvormers, akademici en gemeenskapsleiers is doelbewus verbeter.

Selfs teenstanders moes sy morele moed, integriteit en strategiese vernuf erken. Sy ingrypende toespraak van 2 Februarie 1990 het die politieke spelreëls ingrypend verander, die politieke proses van talle beperkings bevry, die land op die demokratiseringspad geplaas en 'n bres in die isolasiemuur geslaan.

Belangrike bydraes was dat hy die gesprek oor die land se toekoms in wye kringe begin het. Selfs buite-parlementêre groepe is betrek. Die Groote Schuur-beraad en Pretoriase vredesooreenkoms met die ANC het gevolg. Deurgaans neem pres. De Klerk die inisiatief om die vredesideaal moontlik te maak.

Sy dinamiese leier- en staatsmanskap word wêreldwyd erken, soos blyk uit talle uitnodigings om met internasionale leiers gesprek te voer. In Afrika en elders het verskeie deure vir die land oopgegaan.

Dié nuwe bedeling het ook universiteite en veral akademici (o.m. talle van die US) bevoordeel, nadat isolasie en die akademiese boikot voorheen momentum gekry het, buitelandse geleerdes nie meer die land wou besoek nie, en selfs boeke e.a. kundigheid ontsê is. Akademiese betrekkinge het nou beslis 'n onomkeerbare ontvriesingsfase betree.

In die motivering vir die toekenning van dié eregraad, huldig die US pres. De Klerk as 'n leier van formaat wat reeds 'n stempel op ontwikkeling afgedruk het en 'n rigting aangedui het wat vir die meeste Suid-Afrikaners nuwe hoop gee. "Vir dit wat hy bereid was om vir die algemene belang van die land en vir vrede en versoening te doen, verdien hy die erkenning van 'n instelling soos die Universiteit van Stellenbosch."

Dr. Marius De Waal (gebore 1925) het in die Paarl grootgeword, het die vyfjarige B.Sc., B.Ing.-graad (1946) aan die US behaal en was daarna tot 1960 Bellville se stadsingenieur. In dié tyd het hy vir 'n jaar in die stadsbeplanning in Nederland gestudeer.

Vanaf 1961 was hy verbonde aan die Nywerheidsontwikkelingskorporasie (NOK) waar hy aangestel is om nywerheidsgebiede vir die land se desentralisasieprogram te help ontwikkel, en waarvan hy later die hoofbestuurder (vanaf 1970), besturende direkteur (vanaf 1980) en voorsitter (vanaf 1986 tot 1990) was.

Hy was betrokke by die uitvoering van talle uiteenlopende projekte, soos die Richardsbaaise aluminiumsmeltery, die Ruacana-hidroëlektrisiteitskema, Sasolburgse kunsrubber-aanleg, Da Gama-tekstielaanleg (Oos-Londen), vervaardiging van dieselenjins vir Daimler-Benz (Atlantis), vestiging van die SA Mikro-Elektroniese Stelsels (Pretoria) en 'n aanleg vir fyn porseleinware (Rosslyn).

Deur al sy projekte het hy as ingenieur, ekonoom en bedryfsleier uitgeblink. Hy word voorsitter van die Johannesburgse Afrikaanse Sakekamer (1973) en van die Afrikaanse Handelsinstituut (1975), en is deur die minister van nywerheidswese tydelik as direkteur vir ekonomiese samewerking en strategie gesekondeer (1979).

Dr. De Waal is vereer met 'n Handelsinstituut-trofee vir sy bydrae tot nywerheidsontwikkeling, 'n SA Akademie-medalje vir bedryfsleiding, 'n toekenning deur die siviele ingenieursbedryf vir uitstaande prestasies in dié bedryf, die Orde vir Voortreflike Diens (goudklas) asook eredoktorsgrade van drie ander universiteite (Potchefstroom, RAU en Pretoria).

Vanweë sy NOK-verbintenis was hy 'n direksielid (en ook voorsitter) van baie sleutelnywerhede; dien steeds in die direksies van verskeie privaatsektor-instansies; is die voorsitter van Yskor en

Transnet; en is die SA Instituut vir Meganiese Ingenieurs se eerste erepresident met 'n siviele ingenieursgraad.

Hy is 'n US-Raadslid en lid van die Eeufeestrustfonds se raad van trustees asook voorsitter van die RAU-ingenieursfakulteit se ontwikkelingskomitee.

Die motivering vir die toekenning van sy US-eregraad lui o.m.: "Dat hy so baie in sy lewe reggekry het, getuig daarvan dat hy as 'n besondere leier bo ander uitstyg. Vir dit wat hy vir sy land gedoen het, verdien hy die erkenning van 'n eredoktorsgraad van sy Alma Mater, die Universiteit van Stellenbosch."

Prof. Mike de Vries (links) en die Kanselier, dr. Jan van der Horst (regs) by eregraduati drr. De Waal, De Klerk en Blignaut.

US-dosente na Hongarye oor samewerking

Twee Stellenbosse akademici, proff. Hennie Kotzé en Philip Nel van die Departement Politieke Wetenskap, het Hongarye laat verlede jaar besoek as deel van 'n RGN-afvaardiging om die moontlikheid van samewerking met sosiale wetenskaplikes in dié land te ondersoek.

Die afvaardiging van vier lede uit Suid-Afrika het verder bestaan uit drr. H. C. (Bok) Marais en Nic Rhoodie, albei van die RGN.

Hongarye was nog altyd beroemd vir sy geestes- en sosiale wetenskaplikes – mense soos Karl en Michael Polanyi, Arthur Koestler, Imre Lakatos en andere.

Prof. Nel sê hulle is getref deur "die oorweldigende geesdrif wat al ons gespreksgenote in Hongarye getoon het vir samewerking met Suid-Afrika. Dit is beklemtoon deur dr. Karoly Manherz, direkteur-generaal van die Hongaarse departement kultuur en onderwys, wat gesê het sy ministerie moedig alle universiteite aan om kontakte met Suid-Afrika te vestig."

'n Deel van die Wêreldbank-lening van $68 miljoen wat vir opvoeding aan Hongarye toegestaan is, sal gebruik word om die land se bestaande verbintenisse met die buiteland uit te brei.

Dié ministerie is heeltemal ten gunste van die wedersydse akkreditasie van kursusse. Die uitruil van studente en dosente sal ook aangemoedig word.

Dr. Manherz het ook die Suid-Afrikaanse afvaardiging se aandag gevestig op die nuut gestigte Europese Instituut in Budapest, waar buitelandse akademici oor Europese aangeleenthede kan navorsing doen.

'n Vyftal ander terreine vir samewerking tussen Suid-Afrika en Hongarye is geïdentifiseer. Die regsfakulteit van die Lorand Eötvös-universiteit (die oudste in die land) wil byvoorbeeld graag studente en dosente met die US uitruil. Die Semmelweis-geneeskunde-universiteit stel belang in samewerking met Suid-Afrikaanse mediese navorsers, veral oor primêre gesondheidsorg.

Die "RGN-US-afvaardiging" in Hongarye. Van links is dr. H.C. Marais van die RGN. proff. Hennie Kotzé en Philip Nel (US), dr. Karoly Manherz, direkteur-generaal, departement kultuur en onderwys in Hongarye, en mnr. Peter Hajto, skakelbeampte van die departement.

Navorsing-samewerking word ook voorsien oor die sosiologiese en sielkundige aspekte van afwykende sosiale gedrag. Hongarye (wat sedert die 19de eeu die wêreld se hoogste selfmoordsyfer het) se vlak van sosiologiese en sielkundige navorsing is baie hoog.

Hoewel die Hongaarse politieke wetenskap nog in sy kinderskoene is, is vrugbare samewerking moontlik, o.m. oor die sosiopolitieke dinamika van demokratisering.

Nog 'n moontlike samewerkingsveld is by die Budapest-universiteit vir Ekonomiese Wetenskappe (voorheen die Karl Marx-universiteit) wat kursusse in Engels aanbied en graag studente uit Suid-Afrika wil lok. (Hulle kan hulself onderhou deur Engels privaat te doseer, want daar is 'n groot belangstelling in dié taal).

"Hongarye staan midde-in 'n transformasie van die ganse samelewing. Dit is enersyds opwindend, met baie geleenthede vir sosiale wetenskap-navorsing oor die dinamika van verandering. Andersyds bring so 'n grootskaalse verandering ook talle onsekerhede mee, " sê prof. Nel.

Dié onsekerhede raak ook die Hongaarse akademiese gemeenskap. Sedert 1949 is die akademiese lewe verdeel in twee losstaande strukture, die Akademie vir Wetenskap teenoor die universiteitstelsel. Die staat het die Akademie bevoordeel (veral met navorsing in die sosiale wetenskappe). Nou lyk dit of die prentjie aan die verander is. □

59 BEHAAL D-GRADE

ALTESAAM 59 doktorsgrade is toegeken op die vyf grade- en diplomaplegtighede (vier in Desember en een in Maart) vir studente wat in 1990 aan die US ingeskryf was.

Van die 3 673 kwalifikasies wat op dié plegtighede verleen is, was byna 42% vir nagraadse studie. Dit sluit ook in 427 meesters-, 822 honneurs- e.a. nagraadse B-grade asook 212 nagraadse diplomas.

Die meeste doktorsgrade is toegeken in die fakulteite Teologie (13), Natuurwetenskappe (11) en Geneeskunde (7).

BO: In Desember is doktorsgrade in die fakulteite Handel en Administrasie en in Ingenieurswese toegeken aan (agter) drr. M. du Preez (bedryfsingenieurswese), J.H. Knoetze (chemiese ingenieurswese), P. Olivier (finansiële rekeningkunde) en (voor) A. Duvenage (bedryfsielkunde), M.P. Lamont (ekonomie) en S.J. Venter (meganiese ingenieurswese).

REGS: Doktorsgrade in Lettere en Wysbegeerte is op die tweede gradeplegtigheid verleen aan drr. W.L. van der Merwe (filosofie), S. Thom (klassieke tale), S. Fourie (maatskaplike werk) en F.J. Lombard (Afrikaans en Nederlands).



LINKS: Op die derde gradeplegtigheid in Desember is doktorsgrade in die fakuteite Natuurwetenskappe, Geneeskunde en Bosbou verleen aan (agter) drr. L.G.J. Ackerman (chemie), E.H.W. Baard (soölogie), H.L. Louwrens (chirurgie) en G.D. Cilliers (geneeskundige biochemie) asook (voor) R.O. Moffett (botanie), A.H.W. Seydack (boskunde-natuurbewaring), R. Allin (chemiese patologie), R.E. Julies (fisika) en M.M.B. van Rooyen (oogheelkunde).

LINKS: Op die vierde Desemberplegtigheid is doktorsgrade verwerf deur (agter) drr. D.R. Schreuder (opvoedkundige sielkunde), M.D. de Villiers (didaktiek), C.P. Bezuidenhout (privaatreg), A.F. van der Merwe (diakoniologie), P.J. du Toit (onderwysadministrasie), G.D. Janse van Rensburg (entomologie). Voor: D.S. Mwaka-nandi (sendingwetenskap), R.C.D. Franszen (handelsreg), G.F. Bruwer (diakoniologie), D.J. Malan (dogmatologie) en H.A. Kamnkhwani (ekklesiologie).

Die 29 doktorsgrade op die Maart-gradeplegtigheid is toegeken aan (LINKS BO, agter) drr. E. Archer (wingerdkunde), E.M. Brooks (opvoedkundige sielkunde), P.E. Dunaiski (siviele ingenieurswese) en W.B. Murray (anestesiologie). Middel: G.D. Thiart (meganiese ingenieurswese), G.C.G. Fraser (landbou-ekonomie), M.L. Vandenplas (geneeskundige biochemie), J.D.M. Hanekom (sielkunde) en L. von Mollendorff (hortologie). Voor: A.L. Boshoff (menslike bewegingskunde), R. Mouton (geneeskundige biochemie), R. Smuts (didaktiek), M. Burden (Afrikaanse kultuurgeskiedenis) en C.J. van Tonder (publieke administrasie).

REGS BO, agter: Drr. N.J. van der Westhuizen (Ou Testament), C.J. Jacobs (mikrobiologie), J.J. Lamprecht (Ou Testament), A.W. van Rijswijk (fisiologie) en B.J. Kotze (diakoniologie). Middel: H.J. van Zijl (Nuwe Testament), J.J. Hunter (botanie: plantfisiologie), G.F. Steyn (fisika), D.S. Oosthuysen (dogmatologie) en L. Fourie (Ou Testament). Voor: F.M. Nortier en G. Nothnagel (albei in fisika), M. Hurndall (polimeerwetenskap), A.C. Goliath (Ou Testament) en J.A. Breytenbach (ekklesiologie).

17 Vroue-ingenieurs

'n Rekordgetal van 17 vroue het in Desember B-grade in die ingenieurswese behaal. Dié wat teenwoordig kon wees om hul grade te ontvang, is hier ná die plegtigheid by die dekaan, prof. Christo Viljoen. Hulle is (agter) Liezl Truter, Jani van Eyssen, Jenny Irwin, Heleen Davel, Karien du Plessis, Maia Grotepass, Barbara Koch, Christine Dirkse van Schalkwyk en (voor) Charleen Rademan, Analize Terblanche (wat haar graad met lof verwerf het), Karin Dijkman, Henriëtte Anderson, Madeleen Engelbrecht en Marie-Louise Botha. Die drie wat nie die plegtigheid kon bywoon nie, is Ute Redecker, Teresa van der Merwe en Stella van Vuuren.

Majuba vier sy kwarteeufees

DIE manskoshuis Majuba vier sy kwarteeufees in 1992. 'n Groot reünie word beplan van alle oud-Majubane - mans én vroue, want Majuba is vir 'n tyd lank as vrouekoshuis gebruik. Alle oud-inwoners kan hul name, addresse en telefoonnommers stuur aan die Argivaris, Majuba, Victoriastraat, Stellenbosch, 7600. □

Engineering School for Prospective Students

ENGINEERING tutorials for St IX and matric pupils who are planning to study engineering, will be held at Stellenbosch University during 7-12 July 1991.

Pupils from all over South Africa have attended the annual engineering school at the University during the past decade or so. It is being organised by the Stellenbosch engineering faculty's SRC, and is open to all pupils who intend to study engineering at any university.

Different aspects of engineering are presented to the pupils by lectures, demonstrations and film shows, as well as visits to a number of industries such as the Koeberg nuclear power station, Atlantis Diesel Engines, the CSIR's National Accelerator Centre, etc.

Informal talks with university lecturers, practising engineers and senior engineering students enable the pupils to obtain clarity about possible careers in engineering.

The engineering school definitely helps to increase the number of sought-after engineers in this country. Stellenbosch University and several large industrial concerns therefore largely sponsor the school. The registration fee (R170) covers accommodation, meals, visits to industries, and all other expenses.

Registration forms and more information on the engineering school for pupils may be obtained from the Engineering Students' SRC, Faculty of Engineering, University, Stellenbosch, 7600. Closing date for applications: 17 May. □

Kunshistoriese skat reg vir die publiek

SANTIE GROSSKOPF vertel van die Maggie-Laubser-kunsversameling wat US-besit is, onlangs weer deeglik gerestoureer is en dalk binnekort vir die breë publiek meer toeganklik kan wees.

Dit was in die teepouse met 'n SA Akademie-geleentheid dat prof. Quintie Thom en Maggie Laubser aan die gesels geraak het oor kuns. Oor hul teleurstelling dat daar so min belangstelling in skilderkuns by gewone mense is – met deernis en begrip vir die redes – so 'n gebrek aan waardering: en die taak wat wag.

"Dis veral 'n kwessie van opvoeding", sê Maggie toe; "daarom moet ons by ons leerlinge en studente begin," het prof. Thom jare later onthou.

Dit was in 1956.

Dit was stellig nie 'n nuwe gedagte nie, maar dié woorde het in prof. Thom se gedagtes bly steek: kon Maggie Laubser die US nie help om iets konkreets te bereik nie? Sy was 'n bate vir die land: hoe kon die US help om hierdie bate na waarde in diens van Suid-Afrika te stel?

'n Aanbod is aan haar gemaak: dat die US sou help met die reëling en bekendstelling van haar uitstallings, en, met groot omsigtigheid aan die 71-jarige vrou, sou die Universiteit haar nie, selfs net tydelik, 'n bietjie materieel kon help nie?

"Geld het sy – soos ons almal geweet het – nie gehad nie", skryf prof. Thom in *Matieland* in 1975.

"Sy was sigbaar dankbaar, ontroer en gelukkig", maar wou van materiële hulp nie hoor nie. Die Universiteit lê na aan haar hart, het sy toe gesê, en sy wil graag haar skilderye, meubels en vaste eiendom aan die US bemaak. 'n Voorstel is gemaak dat die Universiteit hand bysit met die onderhoud van haar huis, maar vir haar het dit geklink na "liefdadigheid" wat sy nie kon aanvaar nie.

"Ek het my bes gedoen om te verduidelik: van ons kant help ons haar om rustig met haar werk voort te gaan, en van haar kant help sy die Universiteit met haar daadwerklike en morele steun om sy opvoedingstaak beter uit te voer.

"Eindelik het sy akkoord gegaan, maar met 'n voorwaarde. Wat sy oor vaste eiendom en skilderye gesê het, sal sy in haar testament beskrywe, en sy sal teenoor die Universiteit woord hou. Ek het gesê ek weet dit, en is dankbaar, maar wat is die voorwaarde?"

Mits sy tóé reeds die huis aan die Universiteit gee, was haar antwoord.

"Ek het bemerk dat dit by haar 'n saak van eer was, en het toegestem. Ek sou sorg dat 'n notariële skenkingsakte opgestel word . . . "

Die totale erflating bestaan uit 120 skilderye, die esel waarop 'n onvoltooide olieverf-werk gestaan het, en meubels (maar die kwaste en ongebruikte verf moes na Johannes Meintjes, 'n goeie vriend, gaan). Die US het ook die opbrengs van die restant van die boedel geërf, waarvan die rente gebruik moes word vir hulp aan twee kunsstudente.

Daar is ook persoonlike artikels soos 'n voetstofie, seker uit haar ouerhuis, 'n stukkie beeldhouwerk wat sy dalk in haar jare in Europa gemaak het, 'n geverfde kleipot, 'n Sotho-hoed . . .

Sommige van daardie 120 skilderye was nie aanvanklik – sal ons sê "sigbaar"? – nie. Eers 'n paar weke na haar dood in Mei 1973 het iemand wat haar motorhuis gehuur het, gebel om te sê daar staan nog twee kratte vol klammerige strooi.

Louis Wessels, destyds redakteur van *Matieland*, en prof. Hans Trümpelmann het Strand toe gery om te gaan kyk.

"Opgefrommel en verfrommel of platgedruk was die doeke wat een vir een uitgehaal is... op doek, op karton en op papier... geskeur en gekraak... gevreet of gebreek.

"En tog onmiskenbaar hare. Háár katte, háár eende, háár oeslande..." Só skryf Louis Wessels destyds.

As kunskenner was prof. Trümpelmann oorstelp oor die vonds: 'n kunshistoriese skat, het hy dit genoem. Onder die doeke was probeerslae wat ander kunstenaars gewoonlik weggooi, het hy gesê: nou kon die begin van talle van haar bekendste werke nagespoor word ... "wonderlike studiemateriaal"!

Daar was meer as 100 skilderye, sommige aan weerskante van die doek of karton geskilder. Dié op doek is destyds by die SA Nasionale Kunsmuseum in Kaapstad gerestoureer, en dié op karton en papier deur die restourateur van die US, mnr. Henri Wirth.

Mnr. Wirth moes heelwat speurwerk doen oor die kunstenares se tegniek, die

Forum reël interessante lesings

SEDERT MEI verlede jaar bied die Stellenbosch-Forum gereeld in die middaguur openbare voorlesings op die kampus aan. Só kry veral US-akademici die geleentheid om oor onderwerpe van 'n algemene belang lesings te lewer – vir Universiteitspersoneel, Maties én die breë publiek.

Verlede jaar was daar vyf Forum-lesings met agt op die 1991-program. Onderwerpe wat al aan die beurt gekom het, sluit in menseregte, die toekoms van die Suid-Afrikaanse ekonomie, genetiese manipulasie, die voorkoming van kanker deur dieet, Oos Europa vanaf die Stalintot die Gorbatsjof-tyd, en hoe die Namibië-grondwet Suid-Afrika raak.

Prof. Pieter Kapp (Departement Geskiedenis), Colin McCarthy (Ekonomie), Isak Pretorius (Mikrobiologie) asook Laurie Ackerman en Gerhard Erasmus (albei Publiekreg) en dr. Carl Albrecht (Farmakologie) het die ander lesings tot dusver aangebied. Twee daarvan was in Februarie en Maart vanjaar.

Nog twee lesings word in die eerste semester aangebied: prof. Julius Jeppe (Ontwikkelingsadministrasie) s'n op 17 April handel oor privaatinstansies se ontwikkelingsrol en op 15 Mei praat dr. Jurie van den Heever (Soölogie) oor die Karoolewe van 'n miljoen jaar gelede.

Die vier Forum-lesings in die tweede semester is op 7 en 28 Augustus, 18 September en 9 Oktober. Meer besonderhede oor dié sprekers en hul onderwerpe word mettertyd bekend gemaak.

Sir Laurens van der Post, Suid-Afrikaans-gebore Britse edelman, skrywer en filosoof, is die enigste spreker van buite die Universiteit wat al onder die Forum-vaandel opgetree het.

Sy lesing vroeg in November was een van slegs twee en die enigste openbare een wat hy tydens 'n kort besoek aan die land aangebied het. Hy het in 'n volgepakte H.B. Thom-teater oor "Rekonsiliasie: Die tweede trek" gepraat.

Die Stellenbosch-Forum het sy ontstaan te danke aan die geesdrif en ywer van 'n groepie dosente, en staan onder die toesig van die Komitee vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys.Forum-lesings word gewoonlik in die J.S. Gericke-biblioteek se ouditorium aangebied. Die toegang is gratis en elkeen wat belangstel, kan dit bywoon. Dit begin om 13:10 en duur sowat 40 minute.

dikte van haar kwas, en die samestelling van die verf. Elke stuk is in die restourasielaboratorium deeglik onder die mikroskoop bestudeer.

"Ek het drie volle dae gesit net om agter te kom hoe Maggie Laubser haar kleure gemeng het. Deur skoon pigmente te meng kon ek nie uitkom by haar blou of watter ander kleur ook al nie. Eers toe ek besef in watter mate sy wit gebruik het, het ek haar kleure gekry... in alles 'n wasempie wit."

Na byna twee dekades het faktore soos die gereelde uitstal van die US se kosbare Maggie Laubser-kunsbesit asook 'n beter insig in bewaringstegnieke (veral onder Suid-Afrikaanse omstandighede) genoodsaak dat dié 120-tal werke weer deeglik gerestoureer en herraam word – maande se intensiewe werk waarmee mnr. Wirth onlangs klaargemaak het.

Die motivering vir die verkryging van die anneks van die US se Lutherse Kerkkunsmuseum in Dorpstraat enkele jare gelede was dat dit 'n tuiste vir Maggie Laubser se nalatenskap moes bied. Danksy bydraes van dr. Anton Rupert, Boland Bank en die US-Vrouevereniging is dié ideaal bereik.

Noudat Sasol se skenking die inrigting van die Eben Dönges-sentrum en Sasolkunsmuseum in die ou Bloemhof-skoolgebou moontlik gemaak het, kan daar dalk weer gedink word.

Omdat bewaringsomstandighede in die Sasol-kunsmuseum gunstig sal wees, is dit dalk wenslik om al die permanente versamelings – ook dié van Maggie Laubser – daar te huisves. Die Lutherse Kerk-galery kan dan vir wisselende uitstallings gebruik word.

Dit help om perspektief oor die lewe en werk van Maggie Laubser te kry wanneer 'n mens onthou dat sy op 14 April vanjaar 105 jaar oud sou gewees het.

En oor haar verbintenis met Stellenbosch: dat sy skoolgegaan het aan die Publieke Meisieskool Bloemhof, en dat haar eerste uitstalling gehou is in die Universiteit se Ou Hoofgebou, ingewy in 1886, die jaar van haar geboorte" ...

Watter soort mens was sy?

Maria Magdalena Laubser was die oudste van ses kinders van 'n Swartlandse boeregesin. Mense wat haar geken het, sê sy was teruggetrokke, "'n alleen-mens kunstenaar", lief vir mense, diere, voëls.

Self het sy gesê: "Wanneer ek kyk na die wonderbare Skepping wat gedurig tot my spreek deur sy harmonie van kleure en vorms, vervul die wondere samehang van eenheid en eindeloosheid my met 'n groot verlange en drang om uit te druk wat ek deurleef, en so my Skepper te loof en aanbid."

Dis die stem van iemand wie se ouers hul plaas *Bloublommetjieskloof* genoem het, en wat gewoon het in 'n huis *Altydlig*. □

Mnr. Henri Wirth (bo) by 'n verskeidenheid skilderye uit die Universiteit se Maggie Laubser-kunsbesit wat hy onlangs gerestoureer het. Twee belangrike werke uit dié versameling is "Laaste skildery" (heel bo) wat na haar dood onvoltooid op haar esel gevind is, en "Ganse en gansies" (onder).

Gulde geleentheid vir Oud-Maties om 'n stukkie van Stellenbosch hul eie te maak

•PROMOSIE-ARTIKEL

Hier is nou 'n gulde geleentheid vir Oud-Maties om 'n stukkie van Stellenbosch hul eie te maak en boonop is dit nog 'n uitstekende belegging ook. Oud-Maties wat graag voordeel uit so 'n geleentheid wil trek, hoef nie verder as Lieberheim te kyk nie.

Lieberheim, 'n spog-behuisingsontwikkeling in Paradyskloof, die snelgroeiende, baie gewilde voorstad van Stellenbosch, vorder fluks. Die eerste ses prestige-eenhede nader voltooiing en sal teen einde Maart gereed wees vir oorhandiging aan hul nuwe eienaars. Tesame hiermee sal die veiligheidsmuur en parke ook voltooi wees, sê mnr. John Clark, Bellandia se besturende direkteur.

Volgens mnr. Hannes Saaiman, verkoopsdirekteur van Bellandia, bestaan hierdie luuksuese ontwikkeling uit twee- en drie-slaapkamer-eenhede wat spesiaal ontwerp is vir daardie mense wie se kinders pas die huis verlaat het en wat nie meer lus is vir 'n groot tuin met al sy beslommernis nie, maar tog nog in 'n bo-gemiddelde woonbuurt wil bly.

"Omdat jong getroude paartjies en veral enkellopende ouers ook in hierdie besonderse ontwikkeling sal belangstel, het ons veral klem gelê op sekuriteit", sê Hannes Saaiman. "Ons skep by Lieberheim 'n "toesluit en ry" konsep, wat deesdae baie populêr geword het."

"Ons ervaring het ons ook geleer dat die interaksie tussen ouer en jonger mense lei tot 'n opgewekte sosiale gemeenskap wat omgee vir mekaar en met baie oumatjies wat graag die babas oppas, wat 'n groot verbetering is op die huidige aftreeoord-konsep".

Vir Oud-Maties bied dit die ideale geleentheid on so 'n eenheid vir hul oudag in die pragtige Paradyskloof te koop. Indien hulle self nie gereed is om die huis onmiddelik te bewoon nie, kan dit intussen verhuur word of deur hul kinders bewoon word terwyl hulle op Stellenbosch studeer. Verblyf is hoeka so moeilik bekombaar op Stellenbosch. Intussen appresieër die eiendom in waarde en word dit 'n uitstekende belegging.

Hierdie ontwikkeling is uniek en werklik een van die mooiste groepbehuisingkonsepte op Stellenbosch. Dit is geskoei op die lees van die baie suksesvolle Farmside- en Farm's Edge- ontwikkelings van Bellandia in die Bergvliet-omgewing in die Kaap.

Die huise is ontwerp rondom groot oop ruimtes, wat in pragtige parke ontwikkel is, om die gevoel van ruimte te skep. "Ons het die digtheid van ontwikkeling laag gehou en die hoeveelheid eenhede beperk om sodoende 'n gevoel van groot ruimte te skep. Ons het verder doelbewus die huise so geplaas dat die wang-teen-wang gevoel wat 'n mens deesdae by so baie soortgelyke ontwikkelings kry, heeltemal vermy word", sê John Clark. Alle huise is vrystaande en elkeen sal onder sy eie vrye titel verkoop word.

Sekuriteit geniet 'n hoë prioriteit in Lieberheim. Toegang tot die ontwikkeling geskied deur 'n enkel elektronies beheerde hek, wat skakel met 'n beheerstelsel in elke huis. Dit is werklik 'n geval van jou huis toesluit en vertrek met vakansie. Veiligheid is natuurlik ook in die besonder belangrik vir enkellopende persone en ouer mense.

'n Ander belangrike aspek van die ontwikkeling is dat Bellandia gepoog het om die maksimum sonlig in die woonvertrekke en hoofslaapkamer van elke huis te bewerkstellig. Tesame hiermee geniet privaatheid hoë prioriteit. Elke huis het 'n eie privaat ommuurde tuin wat groot genoeg is om 'n klein swembad te kombineer met 'n braai-area.

Die perseel is teen 'n noordliggende helling geleë met pragtige uitsig op die berge. Dit tesame met die hope sonskyn in die huise, gaan van elke wolklose wintersdag 'n juweel maak.

Alle huise het drie slaapkamers (sommige eenhede kan ook met twee slaapkamers geneem word), twee badkamers en vol muurhoogte teëls in die kombuis en badkamers. Die groter huise sluit ook 'n familiekamer, opwaskamer, aantrekkamer en ontbyt-terrasse in. Hier kan Ouma haar koffie op 'n Sondagmorê drink, terwyl kleinman sy oggendslapie geniet en Pa die braaivleisvuur solank aan die gang kry.

Die woonvertrekke sal agtskild-matte hê. Elke huis se tuin sal, voordat dit aan sy eienaar oorhandig word, eers uitgelê en met gras beplant word, sodat sy nuwe eienaar net die finale afwerking daaraan hoef te doen. 'n Enkel-motorhuis plus 'n afdak vir die tweede motor is standaard. Motoropritte, paadjies na die voordeur en interne paaie word almal met baksteen-plaveistene uitgelê. Die ontwikkeling self word in kontemporêre Kaapse styl gedoen met swart teëldakke.

"Dit sal voorwaar 'n plek wees waar jy jou beste besigheids kliënte met trots kan onthaal", belowe John Clark.

In dié stadium verkoop eenhede teen sowat R230 000. "Gebaseer op Bellandia se ervaring in Farmside en Farm's edge verwag ons dat wanneer die ontwikkeling voltooi is, die huispryse tot meer as R300 000 behoort te styg. Dit is nou die tyd om te koop," sê Hannes Saaiman. □

LIEBERHEIM

Stellenbosch

GENIET 'N SORGVRYE TOESLUIT-EN-REIS LEWENSTYL VANAF NET R210 000

- ☐ Losstaande luukse huise
- ☐ Individuele titel
- ☐ Elektroniese sekuriteitshekke
- ☐ Drie slaapkamers, hoof en suite, gesinskamer, aantrekkamer, opwaskamer
- ☐ Motorhuis en afdak
- ☐ Steen-geplaveide strate en opritte

Besoek ons inligtingsentrum.
Dit is oorkant die Golfbaan
by die vrugte stalletjie op die
h/v R44 en
Blaauwklippenweg.
Oop daagliks 2-5 vm.
Skakel W/ure 683-3233
Na ure 99-9622
96-3643

bellandia

Navorsing haal die bitter uit Bitterfontein

Deur Susan Carstens

Hul "nuwe" water wil maar nog nie soet op die tong van Bitterfontein se mense kom lê nie. Wat vir die meeste van ons eintlik vanselfsprekend is – om vir elke druppel water wat nodig is 'n kraan oop te draai – het eers in April 1990 vir die mense van Bitterfontein en Nuwerus 'n werklikheid begin word.

Hul water vir huisgebruik is al die jare met die trein van Lutzville af aangery omdat dié uit eie bodem te brak is vir gebruik. Op 26 Oktober 1990 kon daar egter amptelik 'n knoppie gedruk word vir eie kraanwater in die huis. Nou hoef die mense nie meer met 'n kaartjie water op die stasie te gaan koop nie.

Die gerief van drinkwater in die huise op Bitterfontein en Nuwerus is in geen geringe mate nie te danke aan die versiendheid van die Waternavorsingskommissie (WNK) en die navorsing van geesdriftige wetenskaplikes van die Universiteit se Instituut vir Polimeerwetenskappe, wat saam begin dink, navors en doen het om van ons land se brak grondwater drinkbaar te maak.

Hoe die instituut se chemici en ingenieurs by Bitterfontein se water uitgekom het, loop met 'n lang pad: deur plastiek, membrane van plastiek en later buismembrane, 'n tegnologie wat sedertdien ook al weer verder verfyn is om ander struktuurvorms in te sluit. Hierdie plastiek "siwwe" of filters word o.a. in die proses van tru-osmose gebruik om water van opgeloste stowwe te suiwer.

Die taak wat aanvanklik gestel is, was om 'n doelmatige en bekostigbare tru-osmose membraanstelsel vir plaaslike gebruik te ontwikkel. Hierdie navorsing, wat met produksietegnologie-ontwikkeling gepaard gegaan het, het op die skouers van dr Ed Jacobs, chemiese ingenieur van die Instituut vir Polimeerwetenskappe, gerus.

Membraanontwikkeling het tot 1982 voortgegaan, tot die buisvorm vir toepassing gereed was. Buismembrane is die geskikste vir Suid-Afrikaanse toestande. Dit pak nie so gou aan nie, verduidelik dr. Ron Sanderson, direkteur van die instituut. Intussen word al fyner en fyner buismembrane met poreuse wande vervaardig wat 'n verdere wêreld van toepassings open.

Die ontsouting van brakwater moet eintlik gaan haal word by dr. Derik Pienaar, dosent by die Departement Chemie van die US, wat in die vroeë sewentigerjare navorsing vir sy doktorsgraad gedoen het oor sellulose-asetaat membraanontwikkeling.

Juis toe kom die WNK met sy uitgesproke behoefte aan navorsing oor die ontwikkeling van membraantegnologie. En dit is waar die Instituut vir Polimeerwetenskappe in die prentjie kom: die land se waterbehoeftes en wetenskaplikes met die kennis en entoesiasme om 'n antwoord te kry, kom bymekaar uit.

By die instituut word gevorderde navorsing ook vir buite-instansies onderneem. Daar word, benewens met die WNK, ook met ander maatskappye nou saamgewerk. In die proses word seker gemaak dat navorsing nie oorvleuel nie maar dat verworwe kennis uitgeruil en tot voordeel van die land aangewend word.

Volgens dr. Jacobs is die skema by Bitterfontein nie die eerste keer in ons land dat 'n installasie vir die ontsouting van water opgerig word nie. Geskiedenis is egter op Bitterfontein en Nuwerus gemaak omdat dit die eerste keer is dat 'n totale gemeenskap, 'n hele dorp, van ontsoute drinkwater voorsien word.

Die uitgebreidheid van die grondwatervoorsieningsnetwerk en die monitering van die skema om vas te stel of dit ook vir ander droë dele van ons land 'n uitvoerbare oplossing sal wees, is nog 'n uitsonderlikheid.

Dit is ook die eerste keer dat voorsiening van water aan 'n gemeenskap nie deur die Departement van Waterwese gedoen word nie, maar dat 'n private maatskappy dit as subkontrakteur namens die staat onderneem.

Altesame 12 boorgate voorsien die water. Ses gate is op 'n keer op 'n rotasiegrondslag in gebruik. Die hele proses is eintlik nog in 'n proefstadium. Elke aspek word deurlopend gemonitor en die Departement van Waterwese doen toetse om te verseker dat die bestaande grondwater se gehalte nie verswak of die bronne uitgeput raak nie.

Die proses van tru-osmose word ook vir die herwinning en hersirkulering van nywerheidswater gebruik, vir die suiwering van rioolwater tot 'n hoë kwaliteit water, in 'n skeidingsproses vir die herwinning van konsentrate wat in water opgelos is, en in die vrugtesap- en wynbedryf.

Oral in die nywerheid is daar toepassings vir die proses van tru-osmose met verskillende buismembrane. Ultrafiltrasie-membrane kan byvoorbeeld nie water ontsout nie, maar net groterige molekule of swewende stowwe uit proseswater verwyder.

Dr. Jacobs, die "vader" van membraanprodukte-navorsing by die instituut, sê dit is die enigste instansie in die land waar navorsing en ontwikkeling van membrane vir produksietegnologie gedoen word vir uiteindelike toepassing in die watersuiweringsveld.

Hou 'n mens in gedagte dat die instituut se permanente personeel wat op waternavorsing konsentreer op 'n halwe hand getel kan word, en dat origens staatge-

Award for theatre research

THE 1990 AA Life Vita Award for Theatre Research has been won by Temple Hauptfleisch, senior lecturer and head of research in the Drama Department at the University, for an article entitled "Citytalk, theatretalk: dialect, dialogue and multilingual theatre in South Africa."

The runners up were Miles Holloway of the Department of English at Unisa, and again Dr. Hauptfleisch, with an Afrikaans article: "Spelers op soek na 'n konteks. Afrikaans en die nuwe paradigma in die teater." This appeared in Stilet (volume 1 no. 1).

The award is presented annually to the author of the publication judged to have contributed most significantly to our knowledge of theatre and performance in South Africa. Twenty-one articles published in 1989 qualified for the award, and only five reached the shortlist.

The judges this year were Prof. P.J. Conradie of the Department of Classics, University of Stellenbosch, Prof. Lynn Dalrymple of the Drama Department, University of Zululand, Prof. Stephen Gray of the English Department, Rand Afrikaans University and Prof. Ian Steadman of the School of Dramatic Art, University of the Witwatersrand.



Dr. Hauptfleisch.

The non-voting convenor was Felicity Grove of the Drama Department at Stellenbosch, which administrates the award on behalf of the sponsors. The award was presented by Mr. Philip Stein of AA Life. – **Malene Breytenbach** □

maak moet word op studente wat hul nagraadse navorsing oor verbandhoudende onderwerpe doen en die projekte weer van tyd tot tyd afgesluit word, sê dit veel vir die geesdrif en toegewydheid van die instituut se mense.

Oor hul eie soetgemaakte water voel Bitterfontein se mense nog nie geheel en al gelukkig nie. "Eentyd smaak dit goed en eentyd weer nie," is 'n inwoner se kommentaar. "Dis nie so lekker soos die treinwater nie," se 'n ander prontuit. 'n Derde meen daar is baie chloor in die water, "maar as dit laat staan word, word dit tog beter."

Die koste van die nuwe water is ook 'n probleemaspek. 'n Mens wil mos al voel vir water hoef jy nie juis te betaal nie. Dit kom dan van bo. Verniet.

Dr. Sanderson sê Bitterfontein se water smaak nou nes Johannesburg s'n, miskien net 'n titseltjie meer sout op 'n Stellenbosser se tong. Dit is uiters gesond. 'n Klein bietjie magnesium en kalsium in die drinkwater kan nie kwaad doen nie, sê hy. "Maar onthou gerus dat 'n mens se gestel gewoond raak aan soute in water. En dan ís die smaak van chloor in water opmerklik en vreemd."

Bitterfontein se water bevat wel meer opgeloste gas, maar aan al die aspekte word nog geskaaf. Daarby tap die mense die water uit spiksplinternuwe pype en krane met 'n "metaal"smaak. Waterpype moet mos eers "ingeleef" word om die smaak gewoond te raak. Maar gee kans, elke probleem sal mettertyd uitgestryk word.

Hoewel hulle nou genoeg water het vir lekker bad, is die koste van die ontsoute water hoog. Daarby is die streek se mense gewoond om met bitter min deur te kom. Hulle, die buurmense van die knersvlakte wat deur die nuwe Suid-Namakwalandse water-voorsieningskema van die Departement van Waterwese bedien word, ken van versigtig met 'n watertjie werk... □

Links onder: Die filtreeraanleg (agter) en gedeeltelike sykant van die groot ontsoutingsaanleg op Bitterfontein. Regs onder is die Departement Waterwese se terrein, met van die geboue wat die aanleg huisves.

Eric Ericson voor die US-Koor tydens die werkwinkel in Parys.

US-Koor en Acáma kry hoë lof in Europa

Die US-Koor van 1990 kon met vertroue enige plek in Europa optree. Hulle sang sou selfs dié van sommige professionele kore in Europa oortref.

Dit was die mening van die beroemde Sweedse dirigent Eric Ericson, president van die Internasionale Koorfederasie, nadat hy tydens die koor se konsertreis deur Europa in Januarie 'n werkwinkel met die koor aangebied het.

Met sy eerste aanhoor van die US-Koor was Ericson sigbaar verras. "This is no amateur choir," het hy gesê. En toe hy later die koor met een van hulle moeilike stukke, "Exultate Deo" van die 20ste-eeuse komponis Poulenc, deurgedirigeer het, was sy kommentaar "I am extremely impressed."

Ericson word beskou as 'n (of selfs dié) voorste *a cappella*-koordirigent ter wêreld.

Hy tree gedurig wêreldwyd as gasdirigent op, was tot onlangs die Sweedse Radiokoor se dirigent, en dirigeer steeds die Stockholmse Kamerkoor, Uppsala-universiteit se mannekoor en studentekoor van die Stockholmse Musiekakademie. Op elke kontinent, behalwe Afrika, het hy al meesterklasse aangebied.

Sy koorwerkwinkel oor twee aande met die US-Koor in Parys was 'n hoogtepunt van die koor se konsertreis van 19 dae deur ses lande. Switserland, Duitsland, Frankryk, België, Nederland en Engeland is besoek. Meer as 3 500 mense was by die koor se tien vollengte konserte en twee erediens-optredes.

Dit was die koor se eerste buitelandse toer sedert Julie 1983, en die eerste onder leiding van Acáma Fick sedert sy in 1985 die dirigent geword het. (Voorheen was die koor onder sy twee



vorige dirigente vier keer gedurende 1973-'83 in Europa).

Volgepakte sale, optredes wat openlik geadverteer is en baie hoë waardering, selfs staande ovasies, vir die koor en Acáma Fick se musikale vermoëns was kenmerke van dié baie geslaagde toer.

Naas die werkwinkel met prof. Ericson in Parys, is 'n werkwinkel vir die koor aan die begin van die toer in Switserland aangebied deur prof. Hans-Ruedi Willisegger, dirigent van die Luzerner Singer en voorsitter van dié land se koorfederasie. Die Luzerner Singer het die US-Koor se uitvoering in die Kontonsschule-gehoorsaal gereël en (voor 'n volgepakte saal) 'n deel van die program saam met hulle aangebied.

In Parys is o.m. opgetree en opnames gemaak in die St. Odille-katedraal, wat 'n nagalm van agt sekondes het – besonderse akoestiek, veral vir gewyde musiek.

Van elke optrede tydens die toer is opnames gemaak deur prof. Jan du Toit, 'n bedryfsielkunde-dosent wat sedert die vroeë jare sewentig reeds die koor se opnames vir plaat- en kassetuitreikings maak. Hy sê daar word beplan om 'n nuwe kasset én die koor se heel eerste kompakskyf vanjaar uit te reik. Prof. du Toit is met opnames tydens die toer bygestaan deur mnr. Ralph Hine van die US se afdeling Informasietegnologie.

Prof. Du Toit sou in dié tyd op studiebesoek in Europa wees en is op kort kennisgewing gevra om die koor se toerbestuurder te wees. Hy ken Europa redelik goed en was o.m. in die middeltagtigerjare toerleier vir 'n groep Matiesangstudente (waaronder die tans bekende Deon van der Walt) met 'n studiebesoek aan Salzburg.

Danksy die onlangse ontspanning in Suid-Afrika se buitelandse verhoudinge, kon die Stellenbossers openlik in Europa optree – selfs in Nederland waar hul uitvoering deur SA ambassadeur Albert Nothnagel op 'n onthaal na die tyd beskryf is as die eerste amptelike verbreking van die Nederlandse kultuurboikot teen Suid-Afrika.

Die koor is daar staande toegejuig deur die meer as 700 mense wat Den Haag se eeue-our Kloosterkerk volgepak het. In die gehoor was o.m. verteenwoordigers van die Nederlandse koningshuis, diplomate uit talle lande, musici, ander kunstenaars en radio- en TV-verteenwoordigers. Mense het selfs uit Duitsland daarheen gery om die koor weer te hoor na sy optrede enkele dae tevore in Bonn. 'n Nederlandse TV-stasie het a.g.v. die uitvoering besluit om 'n program oor koorsang in Suid-Afrika te kom maak.

Ook in Antwerpen, België, is die koor staande toegejuig, by 'n konsert wat dié stad se Bach-koor in 'n volgepakte barokkatedraal gereël het.

In Parys, Knokke (België) en Londen is uitvoerings vir die SA vrugteverspreidingsmaatskappy, Unifruco, aangebied – oral met volgepakte sale en afgerond deur deftige etes vir die genooide gaste. 'n Unifruco-borgskap het die Ericson-werkwinkel moontlik gemaak.

Die Londense uitvoering vir Unifruco was in die pragtige Whitehall Banqueting House (waar koning Charles I in 1649 tereggestel is) met sy plafonskildery deur die 17de-eeuse meester Rubens.

In Londen het die koor ook by 'n Sondagdiens in die bekende St. Martin in the Fields-kerk op Trafalgarplein opgetree en 'n kort uitvoering voor die aand-sangdiens in die St. Alban's-katedraal net noord van Londen aangebied. Eersgenoemde is wêreldbekend vir sy koor en orkes o.l.v. Neville Mariner, en laasgenoemde vir sy beroemde katedraalkoor met Barry Rose (wat die musiek vir prins Charles se troue behartig het) as dirigent.

Mnr. Rose het die US-Koor se uitvoering in St. Alban's bygewoon en daarna vir die dirigent en koorlede mondeling en per brief laat blyk hoe beïndruk hy daarmee was. Vanweë dié ontmoeting wil die St. Alban's-koor blykbaar nou graag Suid-Afrika probeer besoek.

Naas die aand-sangdiens in St. Alban's het die koor ook 'n dagbesoek aan Cambridge gebring om na die beroemde King's College Chapel-koor te luister. Albei kore was 'n besondere belewenis vir die Matie-koorsangers.

Nog 'n uitvoering in Londen is deur die SA ambassade aangebied, ter verwelkoming van die nuwe SA kultuurattaché, prof. Louis Eksteen. Die ambassade-ouditorium was volgepak, veral met kunstenaars, radio- en TV-persoonlikhede en musiekkenners (onder wie die direkteur van die Royal College of Music).

Vir Acáma Fick is dit belangrik dat die toer ook opvoedkundig moet wees. Die werkwinkels en kennismaking met die kore van Cambridge, Londen, Luzern, en Antwerpen het baie hiertoe bygedra. En dat die Maties kon optree in eeue-oue katedrale en die Whitehall-saal het gehelp om hulle as koorsangers bloot te stel aan van die mooiste en beste argitektuur en kultuurhistoriese skatte van Europa.

Dit was die eerste keer dat die US-Koor in die Europese winter – wanneer dit daar die belangrikste konsertseisoen is – na Europa getoer het. Sneeu en koue ten spyt was die koorlede deurgaans baie gesond, met slegs enkele afwesighede by optredes – selfs beter as gewoonlik in Suid-Afrika!

Mej. Fick, prof. Du Toit en die koor se toervoorsitter, Werner Swart, is dit eens dat die toer hulle beste verwagtinge oortref het, en deurgaans 'n groot sukses was.

Selfs groter lof as wat die befaamde Ericson vir Acáma Fick en die koor toegeswaai het, het haar reeds aan die begin van die toer toegekom: In Bellinzona, Switserland, het die Roemeense dirigent Marin Constantin van die Madrigale-kamerkoor in Bukarest – wat dikwels internasionale koorwedstryde beoordeel, en wie se koor die afgelope 30 jaar wêreldwyd 'n indrukwekkende lys optredes gehad het – die US-Koor hoor repeteer. Ná die repetisie sê hy vir die koor: "Ek het altyd gedink daar is slegs twee waarlike groot vroue-dirigente ter wêreld. Nou weet ek daar is drie." □

Drie publikasies deur vier dosente van die Departement Publieke Administrasie, wat vanjaar sy kwarteeufees vier, het onlangs verskyn. Al drie werke stel goeie openbare bestuur in 'n veranderende politieke situasie bekend. Juta, met wie die departement lankal 'n verbintenis het, het al drie die boeke uitgegee.

Met die werke se bekendstelling op Stellenbosch was Juta-verteenwoordigers mnr. Gavin Stanford (links) en mev. Adele Levitan, saam met die skrywers, mnr. Henry Wissink, prof. Hans Gildenhuys (departementshoof), dr. William Fox en prof. Erwin Schwella.

Die nuwe werke heet "Ethics and the public sector" (deur prof. Gildenhuys), "Public macro organisation" (Gildenhuys, Fox, Wissink) en "Public management" (Fox, Schwella, Wissink).

Hoë gas het gehelp om proffies te fop

In Mei 1927, twee weke voor Intervarsity, rig die Intervarsity-komitee 'n brief aan die goewerneur-generaal, die Graaf van Athlone, waarin hy gevra word om die Intervarsity op Stellenbosch as die studente se gas by te woon. Die uitnodiging is dadelik met dank aanvaar.

Ongeveer 'n week voor die geleentheid vertel die Matie-eerstespan-kaptein, oom Jan Pienaar (wat baie ouer as ons was) een aand vir 'n klompie van ons by Dagbreek dat die professore hard besig is met reëlings om die graaf as húlle gas te ontvang.

Ons was bitter omgekrap, en besluit uiteindelik om die professore 'n streep te trek deur die goewerneur-generaal uit sy motor te laat klim voordat hy by die rugbyveld aankom en dan 'n student, vermom soos die eregas, te stuur om deur die professore ontvang te word.

"En jy gaan dié student wees." het oom Jan gesê en na my gewys. Ek het heftig beswaar gemaak en gesê ek wou nie my kanse bederf om aan die einde van daardie jaar nog my graad te behaal nie. Sy antwoord was dat as ek om dié rede sou druip, ek my minstens kon troos met die wete dat ek "iets vir my volk" gedoen het!

Die rugbyveld was min or meer waar die Hoof-administrasiegebou nou is. Die noordelike pale was nie baie ver van die biologiegebou (huidige Natuurwetenskappe) af nie, en die suidelike pale naby Wilgenhof. Die voetbalveld se hek, regoor Wilgenhof s'n in Victoriastraat, was twee sesvoet-hoë sinkhekke wat eintlik deur niemand gebruik is nie.

Die besluit was dat die twee rugby-spanne die goewerneur-generaal voor die ou Bloemhof-gebou in Van Ryneveldstraat sou ontmoet, waar ek dan sy plek in die motor sou inneem. Die graaf is natuurlik vooraf oor ons planne ingelig.

Toe die eregas om drie-uur op die bepaalde plek aankom, het die Matie- en Ikey-spanne hom in twee rye ingewag, met die kapteins, Jan Pienaar en Steve Hofmeyr, voor aan. Ek was deftig geklee in 'n streepbroek, swaelstert-manel en hardebolkeil, en met 'n silwer kierie.

Die voetbalspanne stap toe met hul gas verby Macdonaldhuis (waar die Wilcocks-gebou nou is) sodat hulle die veld van die noorde af kon opstap. Intussen neem die motorbestuurder my (saam met die aide-de-camp agter in die motor) met 'n slakkegang tot by die veld se suidelike ingang.

By die sinkhekke vra 'n konstabel vir die motorbestuurder of hy die motor wou inneem of daar laat. Die bestuurder vra vir my: "Your excellency, what shall I do?" Ek antwoord dat hy so ver as moontlik binne toe moes ry.

Nadat die twee konstabels hulle byna kapot gesukkel het om die ou hekke oop te kry, kon ons net sowat tien treë ry. Toe die motor staan, vorm die professore 'n halfmaan om die agterdeur. Die aide-de-camp maak die agterdeur vir my oop, en ek klim met my agterstewe eerste uit.

Toe ek omdraai, staan prof. Adriaan Moorrees ('n Kweekskoolprofessor wat Vise-kanselier en voorsitter van die Universiteitsraad was) met sy swart hoedjie in die een hand en die ander hand na my uitgesteek. Daar was konsternasie toe hy sien wie hy moes verwelkom!

Gelukkig het oom Paul Roos en prof. Ebbie Stegmann die situasie gered. Hulle "verwelkom" my toe op Stellenbosch. Daarna het die ander ook my hand geskud – ook prof. Morrees, maar hy was so kwaad dat hy soos 'n os geblaas het!

Die klomp professore vorm toe 'n prosessie, met my voor aan, tussen prof. Moorrees aan die een kant en prof. Blommaert (Senaatsvoorsitter, die destydse ekwivalent van Rektor) aan die ander kant. Toe ons die voetbalveld van die suidekant af opstap, kom die twee spanne van die noordekant af om hul eregas aan die proffies voor te stel.

Ewe statig het die twee seksies na mekaar toe beweeg. Die voorstes was so vyf tree van mekaar af toe my moed my begewe het. Ek het omgespring en gehardloop dat my manelpunte in die wind wapper!

Dié naweek kon ek nie 'n oog toemaak nie uit vrees vir wat prof. Blommaert van die kawalt sou sê. Ná sy lesing daardie Maandagoggend gaan ek hom in sy kantoor spreek. "Professor ek kom bieg. Ek was Saterdag vir 'n halfuur goewerneur-generaal," het ek gesê.

Net toe ek die ergste verwag, raak hy aan die lag en sê: "Dié storie gaan nog klassiek word op Stellenbosch. Julle moet sorg dat dit nooit in die vergetelheid verdwyn nie, want dis die beste streep wat die studente nog ooit die professore hier getrek het." □

Seker een van die merkwardigste onder die ouer garde Oud-Maties is die 90-jarige mnr. Mike Pienaar van Kaapstad. Hy het onlangs, in sy steeds netjiese handskrif, dié grappige insident uit die studentelewe van 1927 op Stellenbosch spesiaal vir Matieland opgeteken.

Mnr. Pienaar het 'n hoër primêre onderwys-sertifikaat (1923) aan die US behaal en skoolgehou voordat hy terugkeer Stellenbosch toe om BA (1929) te behaal.

Daarna was hy 35 jaar in die onderwys, voordat hy in 1955 tot die uitgewersbedryf toegetree het. Nadat hy lank in Bellville se stadsraad gedien het, was hy in die vroeë jare sestig vyf jaar burgemeester. 'n Belangrike straat in Bellville is na hom vernoem, Mike Pienaar-rylaan, waarin die US se Buitemuurse Afdeling geleë is, en wat een van die toegangsroetes na die Geneeskunde-fakulteit en na die US-Bestuurskool-gebou is.

L D BOONSTRA-
beurs vir paleontologie

ter waarde van
R3 000 p.j.

Word jaarliks toegeken vir
NAGRAADSE STUDIE

in paleontologie aan die
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Aansoeke sluit 30 Oktober
Rig navrae aan: dr. Jurie v.d. Heever
Dept. Soölogie, U.S.,
☎ (02231) 773223

40ste verjaardag

DIE Departement Voedselwetenskap vier sy 40ste verjaardag gedurende 6-7 Mei met die 5de jaarlikse Voedselwetenskap-simposium, aangebied by die Lord Charles Hotel, Somerset-Wes. Die tema is "Navorsing en ontwikkeling van voedselprodukte."

Dit word gereël saam met die WNNR se Afdeling Voedselwetenskap en Tegnologie, waar 'n hele aantal van die departement se oud-studente werk.

Alle oud-studente van die departement landwyd word genooi om die simposium saam met verteenwoordiges van die Suid-Afrikaanse voedselbedryf by te woon. Om meer besonderhede kan die departement (☎ 02231-773578) gebel word.

• In 'n berig oor die departement se 40-jarige bestaan wat in Matieland 3:90 verskyn het, is daar met verwysing na die departement se ontstaan en geskiedenis verkeerd berig dat dit nou t.o.v. Afrika en selfs Brittanje die leiding neem. Die betrokke sinnetjie moes gelui het dat die US deur die stigting van so 'n departement 40 jaar gelede in Afrika en selfs t.o.v. Brittanje die leiding geneem het.

Visiting professor at Mathematics

"I WAS very impressed with the academic standard in the Department of Mathematics at Stellenbosch University," said Prof. Carl Maxson of the Texas A & M University, who was visiting professor at Stellenbosch for the last semester of 1990.

During his stay at Stellenbosch, Prof. Maxson was mainly involved with the department's research programme. His research coincided with that of Prof. Andries van der Walt of the department.

Prof. Maxson also taught his subject to Matie honours students, whom he found "well-prepared." "Stellenbosch has very good students in mathematics. And they compare favourably with the students at A & M," he said.

He is a former dean and head of department at the Texas A & M. Typically Texan, his department is huge, with a teaching staff of approximately 90, of whom 55 are permanent. (The Stellenbosch Mathematics Department has fewer than 20 staff members).

A staff member of the Stellenbosch department, Prof. Leon van Wyk, taught for a year as visiting professor at the Texas A & M in 1989. A graduate of the department, Aletta de Bruyn, daughter of another Stellenbosch mathematics professor, Cillié de Bruyn, went there for further studies earlier this year. At least one more Matie mathematics student is planning to join her.

Prof. Maxson's first visit to South Africa was in 1988, when he spent most of the time at the CSIR in Pretoria. He has also spent sabbaticals in England, Scotland and Austria.

His wife, Carol, accompanied him to Stellenbosch on his last visit. They stayed on campus, in a flat provided by the University. Being able to hike in the mountains near the town or to go swimming at Strand, added further enjoyment to their stay. □

Dr. De Villiers (middel) met die oorhandiging van die oorkonde, saam met mnre. Gerhard Verhoef (primarius) en De Wet Schreiber (onder-primarius). Foto: Die Burger

Prof. Carl Maxson (right) and his wife, Carol, with Prof. Andries van der Walt.

Koshuis vereer 'n lojale Oud-Matie

'n LOJALE Pretoriase Oud-Matie, adv. Dawie de Villiers, wat tot 1987 vir 16 jaar voorsitter van die Pietermaritzburgse Oud-Matie-skakelkomitee was, is sedert verlede jaar president van die Nywerheidshof.

Hy was in 1949 as eerstejaarstudent op Stellenbosch een van die eerste inwoners van Huis Visser. Teen die einde van verlede jaar het dié koshuis hom as hul Persoonlikheid van 1990 vereer toe Huis Visser se primarius, mnr. Gerhard Verhoef, by 'n funksie in die koshuis 'n geraamde sertifikaat aan adv. De Villiers oorhandig het.

Dit was die tweede keer dat die koshuis een van sy oud-inwoners so vereer het. Die toekenning is in 1989 met Huis Visser se 40ste verjaardag ingestel. Mnr. Con Botha, administrateur van Natal, was toe die eerste ontvanger van die eerbewys.

Adv. De Villiers, 'n boorling van Kaapstad, was maar 16 jaar oud toe hy op Adelaide in Oos-Kaapland gematrikuleer het, en slegs 19 toe hy in 1951 BA (Regte) aan die US behaal het.

Sedert vroeg in 1952 was hy vir 20 jaar aan die Departement Justisie verbonde. Hy het die prokureurs-toelatingsdiploma deur 'n korrespondensiekursus in 1959, en LL.B. deur deeltydse studie aan die Universiteit van Pretoria in 1965, verwerf.

Vanaf 1972 praktiseer hy meer as 15 jaar ononderbroke as advokaat in Pietermaritzburg, dien o.m. in die Natalse Balieraad, tree gereeld as kommissaris in die Kleineise-hof op en dien gereeld as ad hoc-lid van die Nywerheidshof. Hy word in 1987 die eerste permanente lid van die Nywerheidshof in Durban, waarvan hy sedert 1989 in beheer was. Vroeg verlede jaar is hy as president van die Nywerheidshof aangstel. □

Come see the Paradise!

Retirement/holiday home required?
Students/family accommodation needed?

INVEST IN LIEBERHEIM

Lieberheim is the 'happy ending' to Paradyskloof, situated in the heart of the Winelands, close to the golf club, a short drive to Somerset West, Strand and Gordons Bay, 30 minutes from Cape Town – A NATURAL PARADISE!

FIVE HOMES ARE READY FOR OCCUPATION NOW! DON'T DELAY:
For further information about Lieberheim and other luxury holiday homes in the Cape please phone Astra Wilson at: (021) 725028/725969

astra
Wilson Properties cc

Matie-gimnas presteer tot in Moskou

RIAAN TERBLANCHE, 22, 'n ingeskrewe MA-student en deeltydse dosent in Bybelkunde, het die afgelope jaar as lid van die Springbokspan in oorsese kompetisies uitgeblink.

'n Span van agt mans en vier meisies wat tuimelaars en trampoliënspringers is, het getoon dat hulle internasionaal kan meeding. Hoewel hulle nie toegelaat is om aan die wêreldkampioenskappe in Essen, Duitsland, deel te neem nie, is hulle wel na Dillenburg in Suid-Duitsland



om aan die wêreldouderdomspele deel te neem.

Daarna is hulle na Zürich om in hul eerste internasionale kompetisie teen die Switserse internasionale span deel te neem. Hier het Riaan 'n goue medalje vir tuimel gewen en het die Suid-Afrikaners die meeste plekke onder die eerste tien behaal.

Hulle is daarna Moskou toe, op uitnodiging van die Russiese president van die International Tumbling Federation en deur bemiddeling van die SA president van die Trampolien- en Tuimelunie, mnr. Jannie Jansen.

By die Moskou-kliniek het 'n wêreldbekende afrigter, Anatoli Sarkov, 'n paar uitblinkers afgerig. In dié kompetisie het Riaan die louere ingepalm.

As lid van die eerste Springbok-gimnastiekspan in jare om weer in die buiteland te kon meeding, het dié uithaler-Matie-gimnas beslis sy land én die Universiteit se naam groot eer aangedoen. □

Rugbyspan na Verre Ooste

In die afgelope somervakansie het die Rugbyklub 'n toerspan vir drie weke Verre Ooste toe gestuur. Dit was die 113 jaar-oue klub se eerste toer daarheen – en die eerste Matie-rugbytoer buiteland toe sedert 1982. Hulle het drie wedstryde in die Republiek van Sjina en twee oefenwedstryde in Hongkong gespeel.

Die Maties het groot oorwinnings in al die wedstryde behaal. Die eerste een, teen 'n universiteitspan van Taipei, is met 62-3 gewen. In die tweede wedstryd het die Maties die Universiteit van Taichung se span – in die pragtige stadion op hul kampus – met 54-0 geklop. Hierdie universiteit bied hoofsaaklik kursusse in menslike bewegingskunde aan.

Die laaste wedstryd daar was teen Tainan, wat reeds ver meer as 'n dekade die nasionale klubkampioen is. Die Maties het met 56-0 gewen. In die Tainan-span was verskeie nasionale spelers en net twee weke tevore het dié klub 'n Suid-Afrikaanse Weermagspan wat daar getoer het, geklop.

Dr. Dawie Swart, 'n dosent in sielkunde wat die toerspan se afrigter was, sê die Tainan-klub was so beïndruk met die Maties dat hulle gereël het om 'n o.19- en 'n senior span in die komende rugbyseisoen Stellenbosch toe te bring om meer van die spel te kom leer. Die Maties se klub gaan vir die Sjinese 'n rugbykliniek op Coetzenburg aanbied.

In Kaohsiung, Republiek van Sjina, het die toergroep ook die Sun Jat-Sen-universiteit besoek, waarmee die US sedert 1987 'n akademiese uitruilooreenkoms het. Die rektor, dr. Lin Chi-Yuan, het die Matie-rugbyspelers baie gasvry op die kampus ontvang.

Tydens die besoek van 'n week aan Hongkong het die Maties twee kort oefenwedstryde teen klubspanne gespeel. Die Stellenbossers het elke keer met meer as 50-0 gewen, sonder dat daar byvoorbeeld pale toe geskop is.

Die toer is gereël nadat 'n uitnodiging van die Taiwannese Rugbyvereniging ontvang is. Dié het gespruit uit 'n besoek van mnr. Carlson Lin, die Taiwannese Rugbyvereniging se vise-president, aan dr. Danie Craven verlede jaar op Stellenbosch.

Mnr. Lin het selfs 'n deel van die toer saam met die Stellenbossers meegemaak en by geleentheid as skeidsregter opgetree.

Die Suid-Afrikaanse ambassade in Taipei het ook baie met die toerreëlings gehelp.

"Vanweë die sportmoratorium moes die toer met 'n baie lae profiel gereël word. Ons was baie versigtig en het eers toe ons terug was openlik met die media oor die toer gepraat," sê dr. Swart.

"Maar die toer was 'n baie groot sukses. Ons manne het werklik fenomenale rugby gespeel. En nêrens was daar politieke druk nie. Ons is oral baie goed ontvang, en het regtig goeie vriende gemaak."

Die Maties in hul wedstryd teen die Universiteit van Taichung.

Die toerspan het uit 27 spelers bestaan. Dit is grootliks uit die Victoriane,

Craven-span en 2de span saamgestel. Een gereelde Matie-eerstespanspeler het ook saamgetoer, nl. Francois Horn (heelagter) wat ook die toerkaptein was.

Slegs enkele koshuisspelers (die enigste nie-klubspelers) is ook ingesluit, omdat hulle werklik belowende jong spelers is, en speel in die regte posisies waarvoor daar toerlede nodig was.

Naas dr. Swart het mnr. Danie Roux, die Universiteit se rugby-sekretaris, as spanbestuurder saamgetoer, met dr. Tokkie Scholtz van die Studente-gesondheidsdiens as spandokter. Twee dosente wat bande met die klub het, prof. Piet du Plessis en dr. Nic Terblanche, albei van die Departement Bedryfsekonomie, het onderweg Australië toe waar hulle studiebesoeke sou aflê, die toerspan deur die Verre Ooste vergesel.

Van die Oosterlinge se spelpeil sê dr. Swart dat hulle nog baie te leer het. "Maar hulle skrum goed, want hulle is bonkig en kort. Dis moeilik om jou gewig teen hulle te verplaas, omdat die opponent homself klein maak."

Ratsheid

Hy sê hulle verdedig vreesloos, maar is nie aan fisiese spel gewoond nie. "Hulle gee die bal lug en probeer jou met ratsheid klop."

Die toerspan het ook die geleentheid gehad om na 'n wedstryd tussen Hongkong en die Fidjiane te gaan kyk.

Naas die rugby-ervaring, was die toer ook vir die Stellenbossers 'n leersame belewenis. "Ek kan nie genoeg beklemtoon hoe opvoedkundig die drie weke vir die studente was nie," sê dr. Swart. Dit was feitlik al dié Maties se eerste kennismaking met die Sjinese kultuur.

Die Republiek van Sjina is letterlik van hoek tot kant deurkruis. Hulle het werklik baie te sien gekry – van tradisionele Sjinese seremonies tot die reusagtige, indrukwekkende "World Trade Centre."

Buitelandse toere, veral ook na belangriker rugbylande, is goed vir die klub, meen dr. Swart. Die klublede behoort gereeld sulke kanse gegun te word, veral as Suid-Afrika op sportgebied nie meer so geïsoleer bly nie.

"Die hoë koste om buiteland toe te toer, is egter 'n probleem. Dalk kan 'n spesiale toerfonds opgebou word, en geld vir dié doel deur borgskappe of van donateurs verkry word." □

Soöloog met goue medalje vereer

PROF. JAN NEL, voorsitter van die Departement Soölogie, het die Dierkundevereniging van Suid-Afrika se prestige-toekenning, 'n goue medalje vir buitengewone bydraes tot dié studieveld in Suider-Afrika, vir 1990 ontvang.

Met die oorhandiging van die medalje aan prof. Nel op die vereniging se jaarkongres in Port Elizabeth, is hy gehuldig as 'n wetenskaplike wat internasionale erkenning geniet en op uitnodiging wêreldwyd by soölogiebyeenkomste oor sy navorsing verslag gedoen het.

Sy belangstelling sentreer veral om die soogdiere van die droë streke in Suider-Afrika. Die Kalahari, Namibië en meer onlangs die Weskus van Kaapland, is waar prof. Nel baie van sy veldnavorsing doen.

Terwyl baie dierkundiges graag die grotes en gevaarlikes van die diereryk bestudeer, spits dié Stellenbosser hom toe op kleiner roofdiere soos die muishond, rooijakkals of bakoorvos, en die ryke verskeidenheid knaagdiere van die droë streke.

Die vereniging het hom as medaljewenner onder meer gehuldig omdat hy vanweë sy deeglike fisiologie-kennis so goed toegerus is om die "nuwe" soölogie – die bestudering van lewende diere – te beoefen.

Publikasies

Daar het reeds 57 navorsingspublikasies uit sy pen verskyn, naas 'n aantal niewetenskaplike artikels. Ook as dosent het hy hom onderskei: as studieleier van 29 honneursprojekte, studieleier van 20 afgehandelde M.Sc.-projekte en met nog vyf aan die gang, asook as promotor van sewe voltooide en drie nog onafgehandelde doktorale studies.

Hy het by die universiteite van Kaapstad, Pretoria, Natal en die OVS as eksterne eksaminator opgetree. Met die steun van die WNNR was hy in 1968-'69 aan die Universiteit van Kansas, VSA, verbonde asook in 1977 aan die Oxford-universiteit se navorsingseenheid vir diere-ekologie.

Oud-Matie

Prof. Nel is 'n US-dosent sedert 1984. Hy is 'n Oud-Matie wat op Stellenbosch gematrikuleer en M.Sc. (1960) behaal het. Daarna was hy verbonde aan die Universiteit van Pretoria, waar hy 'n D-graad behaal het.

Gedurende 1975 – '80 was hy redakteur van die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurnavorsing. Hy dien altesaam byna 20 jaar in die Dierkundevereniging se raad en was reeds president daarvan. Die vereniging, wat sedert 1959 bestaan, hou sy 1991-kongres aan die US. □

'n Wêreldbekende hoogleraar in die sielkunde, prof. Wayne H. Holtzman van die Universiteit van Texas, wat twee lesings by die US aangebied het, is hier (middel voor) saam met dosente van die Departement Sielkunde. Hulle is (agter) prof. Johan le Roux, dr. Dawie Swart, prof. Justus van Rooyen en (voor) proff. Bodley van der Westhuijsen en Betsie Nel.

Komponis wen prestige-prys

'n KONSERVATORIUM-DOSENT, dr. Roelof Temmingh, se naam is as een van Suid-Afrika se heel voorste komponiste bevestig toe hy in September verlede jaar as die eerste ontvanger van die Helgaard Steyn-prys vir Komposisie aangewys is. Altesaam 37 komponiste het om dié gesogte prys meegeding.

Dr. Temmingh het die prysgeld van R22 000 gekry vir sy *Drie Sonnette*. Die beoordelaars het dit eenparig aangewys as die beste komposisie wat die vorige vier jaar in Suid-Afrika geskryf is.

Dié strykorkes-werk is in 1988 gekomponeer. Dit is reeds verskeie kere in Suid-Afrika en die buiteland uitgevoer. *Drie Sonette* is spesiaal vir die Universiteit se Strykensemble geskryf, met die oog op die groep se konsertreis na Europa in 1988.

Die Helgaard Steyn-prys is een van vier kunstepryse wat jaarliks om die beurt vir skilder- en grafiese kuns, Afrikaanse letterkunde, beeldhoukuns en komposisie toegeken word. 'n Trust ken dit toe uit die boedel van dr. Jan Steyn, 'n voormalige parlementslid vir Potchefstroom. Dit is vernoem na sy pa, 'n broer van pres. M.T. Steyn.

Dr. Temmingh het reeds sowat 70 komposisies voltooi. Behalwe opera, sluit dit alle genres in. Hy het veral bekendheid verwerf vir sy werke waarin elektroniese musiek met konvensionele instrumente gekombineer word – hoewel dit slegs sowat tien persent van al sy komposisies uitmaak.

Van sy belangrikste werke sluit ook in twee hobokonserte, 'n fluitkonsert, *White Integration* en die omstrede *Foreplay and Song*.

Dr. Temmingh het voorheen twee pryse, die Total-prys en Naruk se Feesouverture-kompetisie, albei binne een maand in 1988, gewen.

Vroeër, in 1972, het hy die Samro-beurs vir komposisie gewen, wat hom in staat gestel het om 'n studiebesoek aan Wes-Duitsland te bring. In 1979 het hy vir ses maande by die Instituut vir Sonologie aan die Universiteit van Utrecht (tans deel van die Konservatorium in Den Haag) gewerk.

Dié twee besoeke aan Europa het 'n vormende invloed op hom as skeppende kunstenaar gehad, sê dr. Temmingh.

Hy is sedert 1973 as dosent in musiekwetenskap aan die US verbonde. Sy aanstelling aan die Konservatorium was in die pos wat ontruim is toe (wyle) dr. Jan Bouws, 'n bekende musiekdosent van destyds, afgetree het.

Roelof Temmingh is in Nederland gebore en het as jong seun saam met sy ouers na Suid-Afrika geëmigreer – na die Noord-Kaapse dorpie Griekwastad, waar hy sy hele laerskoolloopban voltooi het. Die gesin verhuis toe na die Kaap waar Roelof aan die Hoërskool D.F. Malan, Bellville, matrikuleer.

Sy pa, mnr. Roelof Temmingh, wat nou afgetree is en op George woon, was 'n dosent aan die SA Musiekkollege, Universiteit van Kaapstad, en die jong Roelof het toe daar as BA-student ingeskryf – met teologiese vakke, want hy wou hom aan die Stellenbosse Kweekskool as predikant bekwaam.

Sy liefde vir en aanleg in musiek het egter die oorhand gekry, en hy besluit om musiekvakke vir sy BA-graad te volg. Hy behaal nie net dié graad nie, maar ook B.Mus., wat hy toegelaat is om in net twee jaar te voltooi.

Boonop wen hy 'n gesogte universiteitsraad-beurs van die UK om M.Mus. te studeer, wat hom finaal van sy studieplanne vir teologie laat afsien het. "Maar vandag is ek nog jammer dat ek nie by die teologie gebly het nie," sê dié gevierde komponis en top-musiekwetenskaplike. Hy vertel van sy boekeversameling oor die teologie en dat hy steeds baie hierin belangstel.

In 1976 behaal hy sy doktorsgraad in musiek aan die US, met prof. Reino Ottermann (huidige hoof van die Departement Musiek en direkteur van die Konservatorium) as promotor, en met 'n proefskrif oor aspekte van die 20ste eeuse musiek.

Hy en sy pa is nie al musici in dié familie nie: Sy broer, Henk, is musiekprofessor op Potchefstroom en hoof van die konservatorium daar. Lykele, hul ander broer ('n Oud-Matie en gewese lid van die US-Strykensemble) is die Natalse Filharmoniese Orkes se asisstent-dirigent. En hul suster se man, prof. Albert Troskie, is hoof van die UPE se konservatorium.

Boonop is dr. Roelof Temmingh se vrou, Zorada (Labuschagne), 'n oud-student van die US-Konservatorium. Sy is 'n musiekonderwyseres by 'n Stellenbosse hoër skool, en is 'n bekende pianis en orrelis. Die egpaar is elkeen orrelis by 'n ander kerk in die Eikestad.

In nog 'n opsig is dr. Temmingh nie net 'n skeppende nie, maar ook 'n uitvoerende kunstenaar – onder meer as orkesdirigent wanneer die geleentheid hom voordoen. Hy het onlangs weer die US Simfonie-orkes met 'n uitvoering in die Endlersaal gedirigeer.

Temmingh is nie die eerste komponis van die hoogste formaat wat aan die Stellenbosse Konservatorium werk nie. Twee van die "Conserve" se oud-dosente, het ook albei nasionale statuur as komponiste verwerf: Arnold van Wyk, wat in 1983 dood is, en Hubert du Plessis, wat afgetree is en in die Eikestad woon. Die US het aan hulle albei eredoktorsgrade verleen.

Dr. Temmingh sê hoewel hy lank saam met albei aan die Konservatorium verbonde was, het hulle nie noodwendig as aansporing, inspirasie of invloed vir sy skeppende kuns gedien nie.

Sedert sy dertiende jaar al het hy hom begin waag aan die komponeer van ernstige musiek. Aansporings, veral finansieel, is daar oor die algemeen maar min. Om iets soos die Helgaard Steyn-prys te wen, was dus 'n besonderse bonus. "Toe ek hoor ek is die wenner, was ek heeltemal oorbluf – ek was letterlik ure lank sprakeloos van verbasing."

Sy nuutste werk is 'n tjellokonsert wat hy geskryf het vir Anmari van der Westhuizen, 'n oud-student van die Konservatorium wat nou in Europa werk en as tjellis naam maak. (Sy is die dogter van 'n US-musiekdosent, mnr. Pieter van der Westhuizen). Anmari gaan dié konsert binnekort in Praag saam met die Tjeggiese Filharmoniese Orkes uitvoer. □

Nuwe sentrale rekenaar 'n klein "slimmetjie"

REKENAARS WORD ál kleiner, maar ook ál "slimmer". Die Universiteit het onlangs 'n nuwe sentrale rekenaar, die UNIX AViiON 4110, aangeskaf, wat fisies klein is maar 'n indrukwekkende werkverrigtingsvermoë het.

Die behoefte aan 'n sentrale Unix-rekenaar is vroeër besef en ondersoek. Verskeie leweransiers van Unix-rekenaars het aanbiedings aan die Universiteit gemaak. 'n Komitee het ná evaluering besluit dat die AViiON 4110 die doeltreffendste vir die US se behoeftes sou wees.

Dié rekenaar kom uit die VSA. Dit skakel deur middel van Novelle Portable Netware by Sunet (Stellenbosch-Universiteitsnet) in. Die Novell-maatskappy het sy gesogte verbruiker-"goudstatus" aan die US verleen. □

Steunprogram vir militêre studente

Kapt. Seloane (naasregs), by 'n funksie aan die einde van die kursus met dr. Botha, brig. Du Toit, prof. (kol.) Koos Kotzé, dekaan van Krygskunde, prof. Hennie Rossouw, Vise-rektor (akademies) en dr. Cilliers.

VYFTIEN STUDENTE wat vanjaar vir die B. Mil.-graad aan die Fakulteit Krygskunde op Saldanha begin studeer het, het teen laat verlede jaar vir sewe weke by die US op Stellenbosch 'n kursus voltooi wat deel van 'n akademiese steunprogram is.

Almal is offisiere of kandidaatoffisiere uit al die bene van die Weermag. Sommiges spog met medaljes van die grensoorlog in Angola. Hul deursnee-ouderdom is 25 en hulle kom uit al die Suid-Afrikaanse bevolkingsgroepe.

Onder hulle is die eerste groep swartes – uit 'n groot aantal wat aan die Weermag verbonde is – wat vir B.Mil. ingeskryf het. Die Weermag verbreed steeds sy werwingsbasis.

Die kursus is aangebied onder die beskerming van en by die Instituut vir Taalonderrig (Intus), wat interdissiplinêre kundigheid beskikbaar gestel het. Dr. Ludolph Botha, Intus se waarnemende direkteur, was die hoof-kursusleier.

"Intus is genader omdat hulle die nodige kundigheid het en goed geplaas is om die kursus te hanteer," sê brig. Fred du Toit, bevelvoerder van die Militêre Akademie, waaraan die Fakulteit Krygskunde op Saldanha gesetel is.

Dr. Botha sê die kursusgangers is "kognitief verryk." Hulle het studie- en leestegnieke, geheue-ontwikkeling en konsentrasie geleer. Voorgeskrewe stukke is geïnterpreteer en take is geskryf. "Die inhoud het van beginners- tot gevorderde werk gewissel."

Ná die sewe weke is Intus steeds op 'n konsultasiegrondslag by die Militêre Akademie betrokke. Die akademie sit die steunprogram vanjaar in samewerking met die US voort. Dit word beskou as 'n eksperiment met verreikende gevolge, wat implikasies vir die US inhou. Daar is agterstande wat oorbrug moet word sonder om die bestaande standaarde te verlaag.

Drie weke se onderrig is in Engels en twee weke s'n in Afrikaans gegee. Die aanbieders was uit verskillende dissiplines: ekonomie en ortopedagogiek (prof. Johan du Preez), drama (mev. Collena Blanckenberg), Engels (dr. Carol Puhl-Snyman en mnr. Johan Swartz), Afrikaans (mev. Annemarie Swartz) en opvoedkundige sielkunde (dr. Charl Cilliers, wat ook die projekleier was).

Ander US-dosente het bydraes gelewer oor lees- en leierskaptegnieke, logika, die inheemse tale se invloed op Afrikaans, asook denkontwikkeling. Insette is ook aangebied deur 'n redaksielid van The Argus, Kaapstad, en 'n Kaapstadse Onderwyskollege-dosent wat internasionale erkening vir die ontwikkeling van silabusse vir die Transkeise onderwys ontvang het.

Kapt. Peter Seloane, wat tien tale magtig is, was die studenteleier.

Die 15 studente was beïndruk met die kursus. Hulle meen hulle is beter toegerus om hul militêre graadstudie met vertroue aan te pak. □

1ste SA simposium oor OT se Grieks

'n SIMPOSIUM oor die Septuagint (die Griekse vertaling van die Ou Testament) wat verlede jaar by die Universiteit gehou is, was die eerste internasionale byeenkoms oor dié onderwerp in Suid-Afrika.

Dit het met die jaarlikse kongres van die Ou Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika (OTWSA) saamgeval. Die US se departemente Semitiese Tale en Kulture en Ou Testament het saam die twee byeenkomste gereël.

Drie buitelandse akademici het ook by die Septuagint-simposium opgetree. Hulle is proff. Emanuel Tov van Jerusalem asook John Wevers en Albert Pietersma, albei van Toronto. Die twee Kanadese se besoek aan Suid-Afrika is deur die US en die RGN moontlik gemaak en prof. Tov s'n deur die RGN. Hulle het ook ander universiteite en navorsingsinstansies besoek nadat hulle op Stellenbosch was.

Sowat 100 geleerdes het die OTWSA-kongres bygewoon, waar die wysheid en spesifiek die Bybelboek Job aan die orde was. Naas vyf langer referate oor verskillende aspekte van die boek (teks, teologie, diskoers, Hebreeuse ritme en die wysheidsbeweging in Oud-Israel) is 'n twaalftal korter lesings ook aangebied.

Die US-kanselier, dr. Jan van der Horst, het die openingsrede gelewer. Prof. Mike de Vries, Rektor en Vise-kanselier, het die kongresgangers verwelkom.

Prof. Dirk Odendaal van die US se Departement Ou Testament, wat kort voor die kongres in 'n motorongeluk dood is, het die titel voorgestel van 'n interessante multibeeld-vertoning oor Job en sy wêreld wat op die openingsaand vertoon is. Dit was getitel "Om reg oor God te praat ..." □

Die Septuagint-simposium en OTWSA-kongres is onder meer bygewoon deur proff. Emanuel Tov, John Wevers en Ferdinand Deist (voorsitter van die OTWSA), dr. Johann Cook (kongres- en simposium-sekretaris) asook proff. Albert Pietersma en Hannes Olivier (voorsitter van die reëlingskomitee).

Notule:

JAARVERGADERING van die KONVOKASIE

Gehou in die H.B. Thom-teater op 29 November 1990

Aanwesig: Proff. B. Booyens, (President en Voorsitter), T. Pauw (Vise-president), dr. C. F. Albertyn, mevv. I. Barnard, J. M. Barnes, mnr. J. A. A. Basson, dr. E. E. Bartel, mnre. W. J. Bekker, D. V. Benade, prof. J. A. Beyers, ds. E. V. Blommaert, dr. W. J. C. Boonzaier, mev. J. S. Booyens, proff. A. G. Botha, A. J. Brink, mev. L. T. Brink, dr. P. A. Brink, mnr. W. de W. Bronkhorst, proff. G. G. Cillié, S. P. Cilliers, dr. V. Claassen, prof. W. T. Claassen, mnr. J. P. Coetsee, mej. C. E. S. Coetzee, dr. F. J. Coetzer, prof. H. J. B. Combrink, mnre. E. L. Conradie, P. J. Conradie, prof. P. J. Conradie, mnre. R. P. Conradie, L. F. Dannhauser, prof. J. A. de Bruyn, mev. M. J. de Bruyn, mnr. J. H. de Jongh, kdoor J. A. de Kock, mev. H. C. de la Bat, mnr. J. D. J. de Necker, mev. M. C. de Necker, mnr. D. J. de Villiers, dr. D. P. de Villiers, mnr. I. S. de Villiers, mev. M. de Villiers, prof. P. J. G. de Vos, mev. S. W. de Vos, prof. M. J. de Vries, mevv. R. de Vries, C. H. de Waal, prof. P. J. de Wet, mnre. P. A. de Witt, A. G. Draaijer, mevv. C. M. Dreyer, D. F. Dreyer, prof. T. P. Dreyer, mnr. D. M. du Preez, prof. J. du Preez, mnr. F. L. du Toit, proff. J. B. du Toit, D. L. Ehlers, mnre. J. P. Engelbrecht, A. J. Esterhuyse, mev. C. S. Esterhuyse, dr. J. H. Esterhuyse, mnr. J. L. Fechter, mevv. H. E. Ferreira, M. Ferreira, dr. W. Fox, mnre. J. A. Gerber, J. Goosen, prof. C. J. Groenewald, mevv. S. D. J. Groenewald, L. C. Hattingh, prof. M. J. Hattingh, mnr. D. C. Hauptfleisch, mevv. E. A. Heyns, E. J. Heyns, drr. H. A. Heyns, J. B. B. Heyns, mev. C. Jansen, prof. J. P. Jansen, mev. H. M. Jordaan, proff. C. A. Kapp, E. H. Katzenellenbogen, M. P. Keet, mev. G. E. Kempen, prof. S. Kritzinger, mnr. A. D. Kruger, mev. M. A. Langer, mnr. F. J. le Roux, mev. L. le Roux, dr. P. J. le Roux, mnr. Flappie Lochner, mev. J. Lochner, mnr. P. J. Lombard, mej. G. J. Louw, mnr. A. D. Lückhoff, ds. D. F. Malan, prof. D. J. Marais, mev. M. C. Marais, mnr. C. J. Matthee, mev. A. L. Matthee, prof. J. T. Meij, adv. P. H. Meyer, dr. P. S. Meyer, mnre. C. R. Möller, D. Moolman, prof. J. C. Morgenthal, mnr. P. K. Morkel, prof. B. A. Müller, dr. L. M. Muntingh, mev. M. E. Murray, dr. M. W. P. Nienaber, mev. B. E. Olivier, prof. J. P. J. Olivier, mnr. J. R. Olivier (Sekretaris), mev. H. B. Pauw, mnre. J. E. Potgieter, J. C. Pretorius, dr. Lettie Pretorius, mevv. L. M. Pretorius, L. Rabie, G. Rens, dr. P. A. Rens, mnr. R. F. Rhode, proff. H. W. Rossouw, G. M. K. Schüler, mev. R. Schüler, mej. L. Sieberhagen, mevv. M. J. Smit, J. H. Smuts, mnr. G. J. Steenkamp, dr. J. C. Steyn, mev. S. Steyn, mnr. H. J. Terreblanche, mev. R. Terreblanche, mnr. J. P. Theron, prof. B. F. Thiart, mnr. D. S. Uys, mev. E. Uys, dr. J. G. van der Horst, mevv. T. van der Horst, A. L. van der Merwe, H. A. van der Merwe, dr. J. J. R. van der Merwe, mnre. P. J. van der Merwe, H. P. van der Westhuizen, A. A. J. van Niekerk, mev. M. M. I. van Niekerk, mnre. P. A. L. van Niekerk, F. A. van Schalkwyk, J. G. van Schalkwyk, J. A. M. van Schoor, prof. A. H. van Wyk, mev. M. van Wyk, mnre. H. B. van Zyl, W. A. van Zyl, prof. W. J. Verwoerd, dr. D. J. Visser, prof. F. Viviers, mnr. I. P. Wait, prof. H. P. Wassermann, ds. H. Winterbach, mev. V. Winterbach, mnr. H. J. Zietsman. (32 besoekers het ook die presensielys voltooi).

1. Opening: Op versoek van die Voorsitter open prof. H. J. B. Combrink die vergadering met 'n gebed. Die Voorsitter heet almal welkom en rig 'n spesiale welkomswoord tot die Kanselier, dr. J. G. van der Horst, en mev. Van der Horst, die Rektor en Vise-kanselier, prof. M. J. de Vries, en mev. de Vries en die Voorsitter van die Raad, dr. D. P. de Villiers, en mev. De Villiers.

Op 'n verdere versoek van die Voorsitter staan al die aanwesiges enkele oomblikke op ter nagedagtenis aan lede van die Konvokasie wat sedert die vorige vergadering te sterwe gekom het.

2. Konstituering: Die Voorsitter verklaar dat die vergadering gekonstitueer is ooreenkomstig 'n kennisgewing wat in die Staatskoerant gepubliseer is.

3. Notule: Die notule van die vergadering van 5 Desember 1989, wat in *Matieland* gepubliseer is, word as gelees beskou, in orde bevind en deur die Voorsitter onderteken.

4. Geleentheidspreker: Die Voorsitter stel by wyse van 'n beknopte curriculum vitae die geleentheidspreker, prof. J. A. de Bruyn, Vise-rektor (Bedryf) van die Universiteit, aan die woord. Prof. De Bruyn behandel sy onderwerp "Stellenbosch 1960 tot 1990 en vorentoe" deur die ontwikkeling van die Universiteit sedert 1960 in tien-jaartermyne te skets en te illustreer met behulp van kleurskyfies en tabelle, en uiteindelik deur 'n kykie na die nabye toekoms van die Universiteit te gee.

Die Vise-president, prof. T. Pauw, bedank prof. De Bruyn vir sy onderhoudende voordrag.

5. Onbestrede voorstelle: Die volgende onbestrede voorstelle word voorgedra:

(a) Gelukwense aan lede van die Konvokasie met aanstellings/bevorderings, voorgedra deur die Vise-president:

Mnr. Johan Aspeling – aangestel as Assistent-registrateur; Prof. J. C. D. Augustyn – aangestel as professor in Bedryfsielkunde; Mnr. F. Bayly – aangestel as groepbedryfsdirekteur by Stellenbosch-Boerewynmakery; Audrey Blignaut – eredoktorsgraad in Lettere, Univ. Stellenbosch (Desember 1990); Prof. Walter Claassen – aanstelling as Direkteur: Navorsing; Mnr. Japie Cloete – aangestel as hoofbestuurder van inligtingstelsels by Sanlam; Dr. Frans Coetzer – aanstelling as Assistent-registrateur; S. Ed. F. W. de Klerk – eredoktorsgraad in Wysbegeerte, Univ. Stellenbosch (Desember 1990); Mnr. Salie de Swardt – aanstelling as direkteur van Nasionale Media; Mnr. Ebbe Dommisse – aanstelling as redakteur van *Die Burger* en direkteur van Nasionale Media; Prof. O. T. de Villiers – aanstelling as professor in Botanie; Dr. T. Delport – aanstelling as Adjunk-minister van Beplanning en Staatkundige Ontwikkeling; Dr. M. T. de Waal – eredoktorsgraad in Ingenieurswese, Univ. Stellenbosch (Desember 1990); Brig. F. E. du Toit – aanstelling as bevelvoerder van die Militêre Akademie op Saldanha; Prof. James Fourie – aanstelling as Dekaan, Fakulteit Regsgeleerheid (1991); Prof. Martin Hattingh – aanwysing as Voltydse Dekaan, Fakulteit Landbouwetenskappe; Dr. J. B. B. Heyns – aanstelling as Assistent-direkteur: Navorsing; Prof. G. Jacobs – aanstelling as professor in Hortologie vanaf Januarie 1991; Prof. C. H. Jooste – aanstelling as professor in Tandheelkundige Prostetiek; Dr. F. J. Kruger – aanstelling as direkteur van die WNNR se afdeling vir boskunde en -tegnologie (houtverwerking); Prof. Serf Kritzinger – aanstelling as Registrateur; Prof. B. C. Lategan – aanwysing as Voltydse Dekaan, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte; Mnr. E. le Roux – aanstelling as professor in Privaatreg vanaf Januarie 1991; Lt. -genl. Kat Liebenberg – aanstelling as hoof van die Weermag; Prof. G. W. Milne – aanstelling as professor in Elektriese Ingenieurswese; Prof. J. C. Morgenthal – aanstelling as professor in Mens- en Dierfisiologie vanaf Januarie 1991; Mnr. Louis Pienaar – aanstelling as Minister van Nasionale Opvoeding en Omge-

wingsake; Prof. A. E. Retief – aanstelling as professor in Verloskunde en Ginekologie; Prof. J. V. Retief – aanstelling as professor in Siviele Ingenieurswese; Prof. A. Rooseboom – aanstelling as professor in Siviele Ingenieurswese; Dr. S. F. Rossouw – aanstelling as groephoof (inligting) by die Mediese Navorsingsraad; Dr. B. R. Slabbert – aanstelling as groephoof (menslike hulpbronne) by die Mediese Navorsingsraad; Prof. H. H. Spangenberg – aanstelling as professor in Besigheidsbestuur en -administrasie; Prof. B. W. Smit – aanstelling as professor in Ekonomie vanaf Januarie 1991; Mnr. M. L. Smith – aanstelling as besturende direkteur van Metropolitan Lewens; Prof. S. M. Swart – aanstelling as Dekaan, Fakulteit Handel en Administrasie; Prof. Flip Smit – aanwysing as Rektor van die Univ. Pretoria en aanstelling as direksielid van Sanlam; Prof. D. E. W. Schumann – verkiesing tot voorsitter van die Kaaplandse Munisipale Vereniging; Mnr. R. Steyn – aanstelling as hoofredakteur van *The Star*; Dr. E. P. S. Taljaard – verkiesing tot burgemeester van Stellenbosch; Mnr. Mof Terreblanche – aangestel as direkteur van NOK; Prof. H. W. Quentin – aanstelling as professor in Bedryfsingenieurswese; Prof. J. S. J. van Deventer – aanstelling as professor in Metallurgiese Ingenieurswese; Mnr. L. L. von Zeuner – aanstelling as bestuurder, Volkskas se Kaapstad-tak; Prof. G. J. J. van Zyl – aangestel as vise-rektor van Univ. Port Elizabeth; Mnr. P. J. J. van der Walt – aanstelling as besturende direkteur en adjunk- uitvoerende hoof-amptenaar van Federale Volksbeleggingsgroep; Mnr. G. S. van Niekerk – aanstelling as lid van die Universiteitsraad; Prof. Andreas van Wyk – aanstelling as lid van die Universiteitsraad, aanstelling deur die Staatspresident as lid van die raad van die Universiteit van Zoeloeland en aanstelling in direksie van Ou Mutual; Mnr. C. van der Merwe – aanstelling as besturende direkteur van NOK; Prof. E. B. Welmann – aanstelling as professor in Verpleegkunde; Skout-Admiraal L. J. Woodburne – aanstelling as Hoof van die Vloot; Mnr. Christo Wiese – verkiesing tot lid van die Universiteitsraad en aanstelling as direkteur van Santamversekering; Mnr. R. Zulch – aanwysing as Wes-Kaapland se Boer van die Jaar asook die Suid-Afrikaanse Boer van die Jaar; Dr D. Yach – aanstelling as groephoof (gemeenskapsgesondheidnavorsing) by die Mediese Navorsingsraad.

(b) Gelukwense aan lede van die Konvokasie met toekennings en/of pryse wat hulle ontvang het, voorgedra deur die President:

Prof. W. S. Barnard – Stalsprys vir Aardrykskunde, S. A. Akademie; Prof. Danie Craven – ereburgerskap van Stellenbosch; Prof. J. P. du Toit – erekleure vir dienslewering aan die Fakulteit Geneeskunde; Prof. M. A. de Kock – medalje ter herdenking van die Mediese Navorsingsraad se 21ste bestaansjaar vir uitstaande diens aan mediese navorsing en die mediese navorsingsgemeenskap; Prof. P. W. Grobbelaar – FAK se eerbewys vir besondere kultuurprestasie; Prof. D. D. Joubert – S. A. Akademie se toekenning van die Stalsprys vir sosiologie en kriminologie; Prof. W. D. Jonker – S. A. Akademie se toekenning van die Totiusprys vir Teologie en die grondtale van die Bybel; Dr. Roelof Temmingh – Helgaard Steyn-prys vir komposisie; Prof. C. J. van Wyk – erepenning van die S. A. Wingerd- en Wynkundevereniging; Prof. C. W. van Wyk – medalje ter herdenking van die Mediese Navorsingsraad se 21ste bestaansjaar vir uitstaande diens aan mediese navorsing en die mediese navorsingsgemeenskap; Prof. H. C. Viljoen – ere-lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Bedryfsingenieurs; Prof. J. S. J. van Deventer – Presidentstoekenning van die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) van die WNNR; Mev. Tinie Vorster – S. A. Akademie se toekenning van die D. F. Malan-medalje; Dr A. J. van den Berg – M. S. Louw-prys deur die Afrikaanse Handelsinstituut vir sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse ekonomie.

(c) Mnr. Mof Terreblanche stel namens die Konvokasie 'n **onbestrede voorstel van dank en waardering aan "die beste Universiteit in Suid-Afrika"**.

6. Afsluiting: Die Voorsitter rig 'n woord van dank tot alle aanwesiges en ook 'n spesiale woord tot mnr. J. R. Olivier wat aftree as Registrateur en as Sekretaris van die Konvokasie, prof. S. Kritzinger wat hom sal opvolg, en mnr. J. L. Fechter en ander personeel wat behulpsaam was met die reëlings vir die Konvokasiebyeenkoms.

Die vergadering word verdaag om 20:55. □

IN MEMORIAM

Matieland het met leedwese verneem van die heengaan van die volgende Oud-Maties, Maties en ander wat 'n verbintenis met die Universiteit gehad het;

Prof. F.R. Tomlinson (82) van Swellendam, wat B.Sc. (Agric.) en M.Sc. (Agric) (1929-'30) behaal het, en in 1986 'n eredoktorsgraad van die US ontvang het. Op 25-jarige ouderdom het hy 'n doktorsgraad aan die Cornell-universiteit in Amerika behaal, en vier jaar later 'n tweede een aan die UP. Nadat hy vir 'n jaar 'n US-lektor was, was hy gedurende 1939-'73 aan die UP verbonde. Hy was ook in dié tyd Transvaalse streekdirekteur van landbouteginiese dienste.

In die vyftigerjare het hy wye bekendheid verwerf as voorsitter van die Tomlinson-kommissie, wie se verslag steeds as basiese verwysingsraamwerk vir studie oor die sosiale en ekonomiese ontwikkeling van swart gebiede in Suid-Afrika dien.

Onder die talle eerbewyse wat hom toegekom het, is ook eredoktorsgrade van die universiteite van Pretoria (1975) en die Oranje-Vrystaat (1984). In 1978 en 1979 het hy 'n ereprofessoraat aan die US beklee. Die Staatspresident se Dekorasie vir Voortreflike Diens is in 1985 aan hom toegeken.

Prof. Hamilton ("Paddy") Bell (84) van Kaapstad, wat gedurende 1956-'72 aan die Fakulteit Geneeskunde verbonde was, as deeltydse en later voltydse hoof van die Departement Ortopedie en vanaf 1971 as die eerste professor in dié departement. Hy is gebore in Noordlerland, het in Belfast en Edinburgh gestudeer en het in 1935 na Suid-Afrika geïmmigreer. Prof. Bell was o.m. aan die Groote Schuur- en Lady Michaelis-hospitale verbonde, en het baanbrekerswerk in die ortopediese chirurgie gedoen.

Prof. Lydia Baumbach (66) van McGregor, wat BA en twee MA-grade (Latyn en Grieks, albei met onderskeiding) gedurende 1945-'51 aan die US behaal het. Met die voltooiing van elke MA-graad het sy 'n Abe Bailey-beurs gewen, en behaal in 1962 nóg 'n MA, aan die Universiteit Cambridge. Sy is as 'n wêreldkenner van die oudste vorm van geskrewe Grieks gereken.

Prof. F.R. Tomlinson.

Prof. Brian Rycroft (72) van Hogsback, Oos-Kaapland, wat B.Sc. in Bosbou (1945) aan die US behaal het; afgetrede hoogleraar in botanie aan die Universiteit Kaapstad en terselfdertyd vir byna 30 jaar direkteur van die Nasionale Botaniese Tuin, Kirstenbosch; en die skrywer van sowat 80 publikasies oor sy

vak. Sy seun, prof. Eric Rycroft, is 'n US-musiekdosent en dirigent van die US-Strykensemble en -Simfonie-orkes.

Prof. W.E. ("Kits") van Heyningen (78) van Oxford, Engeland, wat B.Sc. en M.Sc. (1931-'32, albei met lof) aan die US behaal het. Twee jaar later is hy Cambridge toe, waar hy 'n doktorsgraad behaal het, en daarna ook aan die universiteite van Harvard en Columbia in Amerika gestudeer het.
Daarna was hy aan die Universiteit Oxford verbonde, o.m. vir sowat 20 jaar aan die Sir William Dunn-patologieskool. Vanaf 1965 tot sy aftrede in 1979 was hy die eerste hoof van St. Cross, een van die Oxford-universiteit se jongste kolleges.
Hy was 'n oud-Wilgenhoffer, wat saam met dr. Danie Craven 'n eerstejaar in dié koshuis was. In 1984 het prof. Van Huyningen die US ná baie jare weer besoek (*Matieland* 1:84).

Prof. W.J. (Willem) Naudé (51) van Somerset-Wes, mede-professor in fisika aan die US, wat B.Sc., M.Sc. en D.Sc. (1959-'68) behaal het en 'n internasionaal gerekende kernfisikus was. Hy was sedert 1962 aan die US verbonde en het in 1980 mede-professor geword. Sy doktorale studie in die eksperimentele kernfisika aan die US is aan die destydse Kerninstituut van die Suidelike Universiteite (nou die Nasionale Versneller-sentrum) op Faure gedoen.

Prof. Naudé

In 1975 het hy die hele jaar met studieverlof aan die Universiteit van Oxford deurgebring. Hy het verskeie ander studie- en kongresbesoeke aan die buiteland gebring, onder meer in 1989 aan die Republiek van Sjina.

Mnr. Peter Theunissen (37) van Stellenbosch, senior lektor in rekenaarwetenskap, wat ook deeltyds as navorser aan die US se Instituut vir Toegepaste Rekenaarwetenskap verbonde was, is na 'n lang siekte oorlede. Hy het B.Comm, M.Comm. en Hons.-B. & A. alles met lof (1973-'83) aan die US verwerf.

Mnr. F.D. (Frans) Conradie (73) van Despatch, wat BA en LL.B. (1938-'40) behaal het; 'n Oos-Kaaplandse politikus wat LPR, LUK, leier van die provinsiale raad en verskeie kere wnde. administrateur van Kaapland was (vanaf 1958) asook parlementslid (Algoa en Sondagsrivier, 1976-'81). Hy was 'n US-Raadslid gedurende 1967-'81 en ook 'n raadslid van die Rhodes-universiteit en die UPE.
Die ereburgerskap van Mosselbaai en van Despatch is aan hom verleen. Hy was verder o.m. die leier van twee Suid-Afrikaanse afvaardigings na internasionale konferensies oor plaaslike bestuur; voorsitter van die Kruik-raad; nasionale ondervoorsitter van die Stigting Simon van der Stel; lid van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede; en het 'n RGN-medalje gekry vir sy bydrae veral tot die behoud van die ou Sendinggestig, Kaapstad.

Mnr. W.S. (Willem) Conradie (69) van Uitenhage, wat B.Sc. (1944) behaal het, waarna hy aan die Rhodes-universiteit as landmeter gekwalifiseer het en in dié hoedanigheid vir baie jare op Uitenhage gepraktiseer het.

Mnre. Frans en Willem Conradie was broers van mnr. R.P. ("Topper") Conradie, 'n afgetrede registrateur van die US.

Ds. D.S. (David) Snyman (73) van Bloemfontein wat BA, 'n honneursgraad en sy Kweekskoolopleiding tot 1943 op Stellenbosch voltooi het. Nadat hy NG leraar te Piet Retief, Johannesburg en Kroonstad was, was hy vanaf 1960 tot sy aftrede in 1988 sendingsekretaris van die kerk in die OVS. Hy was o.m. assessor, voorsitter van die Vrystaatse sinodale kommissie en voorsitter van die Algemene Sinode se sendingkommissie. Onder sy leiding is met sendingwerk in Caprivi, Lesotho, Japan en die Suid-Afrikaanse mynkampongs begin.
In sy studentedae het hy o.m. as WP-vleuel rugby gespeel en was Dagbreek-primarius asook SR-voorsitter (1944). Sy vrou, Louise (Pauw), en hul dogter en drie seuns (onder wie mnr. Dawie Snyman, die US-rugby-organiseerder) is almal Oud-Maties. Ds. Snyman was vir etlike jare voorsitter van Bloemfontein se Oud-Matie-Bond.

Ds. P.S. (Peter) Latsky (87) van Kaapstad, wat BA (1923) behaal het, toe skoolgehou het in en 1928 aan die Kweekskook afgestudeer het. Hy behaal M.Th. (1929) in Princeton, VSA, en bedien die St. Stephen's NG gemeente, Kaapstad vir 33 jaar, en was ook vir vyf jaar organiserende sendingsekretaris. Ná sy aftrede was hy vir 12 jaar 'n hulpleraar in Kaapstadse gemeentes.
As Matie het hy 'n lewendige rol in die studentelewe vervul, o.a. as die Universiteits-debatsvereniging se sekretaris (waarvan hy in *Matieland* 3:86 vertel het). Hy was een van eerw. C.H. Latsky van die Stellenbosch NG Sendingkerk se ses kinders, wat almal US-grade behaal het. Ds. Latsky was by die Ou Hoofgebou se 1986-eeufeesviering. n Dogter van hom, Dr. Jo-Marie Claassen, is 'n US-Latyndosent.

Mnr. M.H.C. (Giel) Kitshoff (75) van George (BA en SOD, 1936); 'n afgetrede hoof van die Hoërskool Outeniqua op die dorp en skrywer van o.a. die RGN-publikasie *Kitshoff: Die nageslag van Johannes Ketshuck*.

Dr. W.S. van der Westhuizen (84) van die Strand, wat BA, MA en ZHSOD (1926-'28) asook B.Ed. en M.Ed. (1939-'42) behaal het. Hy was lank in die onderwys, o.m. in Durban en Kimberley, as skoolhoof op Tarkastad en Adelaide, en as skole-inspekteur te Prieska, Cradock, Suid-Skiereiland en Knysna; asook as streek-hoofinspekteur van die destydse Departement Kleurlingsake tot 1967. Daarna het hy vertaalwerk, o.m. vir Nasou-uitgewery, gedoen.

Prof. L.I. (Naas) Coertze (85) van George, (BA, MA, LL.B. en LL.D., 1924-'46). Hy was vanaf 1933 professor in die regsgeleerdheid aan die Universiteit van Pretoria en sedert 1954 vir twee termyne LV vir Standerton; het die eerste Afrikaanse vertalings van Shakespeare-werke (*Hamlet* en *Macbeth*) die lig laat sien; het baanbrekerswerk in die staats- en strafreg op regsakademiese gebied gedoen; was dosent vir 20 huidige regters van die Hooggeregshof asook enkele kabinetslede; het die plaaslike rolprentbedryf in die vyftigerjare in Suid-Afrikaanse hande geplaas en was die stigter-voorsiter van Ster-Kinekor.

Mnr. I.J. (Nato) Ferreira (74) van Welgemoed, Bellville, wat B.Sc. en SOD (1937-'38) behaal het. Nadat hy hoërskool-hoof op Jan Kempdorp en Moorreesburg was, was hy verbonde aan die destydse Departement Kleurlingsake waar hy in 1975 as hoofbeplanner afgetree het. Tot 1988 het hy as onderwys-inspekteur waargeneem en was hy o.m. die eerste rektor van die Khomasdal-kollege (Namibië) asook eerste rektor van die Roggebaaise Kollege vir Afstandonderrig. Ook sy vrou, Hildegard (Holtzapfel), is 'n Oud-Matie (BA, SOD, 1941-'42).

Dr. J.D. (Jan Smith) (67) van Kemptonpark (BA, 1943). Hy was 'n verslaggewer by die destydse *Suiderstem* in Kaapstad, *Die Vaderland* in Johannesburg en een van die eerste Afrikaanse joernaliste by *The Star*; ook bekend as rubriekskrywer; en was LV vir Turffontein in the jare sestig.

Dr. J.A. Heese (82) van die Strand (BA, ZHSOD, B.Ed. en M.Ed., 1927-'42); 'n historikus wat veral vir sy uitgebreide genealogiese navorsing bekend was. Sy groot werk, *'n Afrikaanse familieregister*, was byna voltooi toe hy dood is, en twee bande daarvan het reeds die lig gesien. Ná 'n lang onderwysloopbaan, o.m. as skoolhoof op Uniondale, was hy aan die NG Kerkargief in Kaapstad verbonde. Hy was 'n broer van mnr. Japie Heese, wat lank leier van die Voortrekker-beweging was, en prof. Kalie Heese, 'n sielkundige, predikant en eertydse US-dosent; en sy dogter, wyle mev. Hester Rossouw, was getroud met prof. Hennie Rossouw, Vise-rektor (Akademies) aan die US.

Mnr. W.F.E. Immelman (78) van Pretoria, wat B.Sc. in Bosbou (1934) behaal het en 'n lid was van een van die eerste klasgroepe wat dié kursus voltooi het.

Dr. W.A. Schumann (54) van Pretoria, wat B.Sc., B.Ing. (1958) behaal het; ook in die VSA en aan die UP gestudeer het; aan die Raad op Atoomkrag verbonde was; en met sy dood professor in kerningenieurswese aan die UP was.

Mnr. W.H. (Billy) Bester 52 van die Paarl, wat B.Sc. en SOD (1960-'65) be-

haal het; 'n onderwyser van die Hoër Jongenskool op dié dorp; voorheen 'n deeltydse dosent in die opvoedkunde aan die US en by die Onderwyskollege Boland op Wellington. Hy was o.m. die skrywer van voorgeskrewe boeke oor die landbouwetenskap.

Mnr. J.F. (Johan) Gobrechts (76) van die Paarl, (BA, MA, SOD, M.Ed., 1935-'44). Hy was in die onderwys tot 1937, waarna hy in die Paarl tot die sakelewe toegetree het en 'n bekende sakeman op dié dorp geword het, o.m. as stigterslid en voorsitter van die plaaslike sakekamer.

Ds. J.F. Kelber (80) van Despatch, wat in die jare dertig op Stellenbosch gestudeer het, en tot sy aftrede in 1981 o.m. predikant op Florida, Randfontein, Barclay-Wes, Theunissen en Despatch was.

Mnr. H.H. (Manus) van Eeden (74) van De Rust (B.Sc. en SOD, 1937-'38). Hy was wiskunde-onderwyser op King William's Town en by die Paul Roosgimnasium, Stellenbosch, en was tot met sy aftrede vise-hoof, Hoërskool De Rust. Een van sy drie seuns, mnr. Benjamin van Eeden, is 'n US-musiekdosent.

Mnr. J.R. (Jack) Uys (71) van Pinelands, Kaapstad (B.Sc., 1945); afgetrede besturende direkteur van 'n siviele raadgewende ingenieursfirma en oudvoorsitter van die Genealogiese Vereniging van Suid-Afrika se Wes-Kaapse tak. Hy was die skrywer van 'n werk oor vakterme in die ingenieurswese in Afrikaans, en van die boek *Uys-familieregister*. Met die simboliese ossewatrek in 1988 het hy dié familie verteenwoordig.

Ds. P.L. (Flip) Scholtz (59) van Milnerton, Kaapstad, wat BA (1950) behaal en aan die Kweekskool afgestudeer het. Hy was NG leraar in Windhoek, op Koës en Montagu, en die afgelope 20 jaar in Milnerton.

Mev. H.M.C. (Eileen) van Aswegen (gebore Maas) (64) van Florida, Johannesburg, wat BA (Maatskaplike Werk, 1950) behaal het en een van sewe kinders uit dieselfde gesin was wat aan die US gestudeer het. Haar oorlede man, Hennie, het B.Ing. (1951) aan die US verwerf.

Mev. Irma Roth (gebore Hettasch) (59) wat BA en 'n spesialiseringsdiploma in remediërende onderwys (met lof, 1971-'72) asook B.Ed. (1982) aan die US behaal het. Sy was o.m. 'n laerskoolhoof en 'n dosent in die US se Opvoedkunde-fakulteit, en was die afgelope aantal jare verbonde aan die UWK se Instituut vir Persoonsvoorligting. Sy het 'n MA aan die Northwestern-universiteit, VSA, verwerf en baanbrekerswerk met die instel van kursusse aan die UWK gedoen.

Mnr. P.H. (Pieter) Wehmeyer (34) van Table View, (B.Agric. Admin., 1980) wat 'n sakeman in Kaapstand was nadat hy voorheen o.m. as landbouekonoom op Lichtenburg gewerk het. Sy vrou, Annelie (Saayman), is ook 'n Oud-Matie (B.Sc. in menslike bewegingskunde).

Mnr. G.C. (Gert) Coetzee (45) wat BA (1980) behaal het en 'n onderwyser aan die Laerskool Simonsberg, Kraaifontein, was. Hy het vir SWD rugby gespeel,.

Mnr. B.I.C. (Bernard of "Bic") van Eeden (44) van Bellville, wat BA en HOD (1973-'74) aan die US asook honneurs in Afrikaans en Nederlands (Unisa, 1984) behaal het. Hy was vanaf 1977 tot met sy dood vroeg in 1990 onderwyser aan die Settlers-hoërskool, Bellville, en was die seun van wyle prof. B.I.C. van Eeden wat gedurende 1941-'62 professor in "Bantoekunde" aan die US was.

Mev. S.M. (Marian) Kenny (gebore Fourie) (27), 'n Verwoerdburgse kliniese sielkundige, wat BA en 'n honneursgraad met lof (1984-'85) aan die US asook MA (aan die UP) behaal het. Sy, haar man en hul baba is in 'n motor-ongeluk dood.

Mnr. A.C.A. (Arend) Rooseboom (50) van Fairland, Johannesburg wat B.Sc. en M.Sc. in Bosbou (1961-'64) behaal het; 'n dosent aan die Universiteit van Pretoria en skoonseun van die jagterskrywer P.J. Schoeman ('n eertydse US-professor in die antropologie).

Dr. J.C. Kriek (60) van Roodepoort, 'n dokter wat B.Sc. (1952) aan die US behaal het.

Mej. J.E. (Janetta) van der Walt (33) van Kaapstad, (B.Sc. Huishoudkunde, 1979) wat handwerkredaktrise by die tydskrif *Sarie* was.

Mnr. P.J. du Plessis (73) van Hermanus, wat BA en SOD (1941) behaal het.

Mnr. C.H.W. Simkin (70) van Dewetsdorp, wat B.Sc. (1940) behaal het.

Mnr. F.P. Hefer (55) van Pretoria, wat B.Sc., B.Ing. (1975) behaal het.

Mev. Martie de Wet (53) van Stellenbosch, vrou van die US se direkteur, Studentesake, prof. Flip de Wet. Hulle was Majuba se huisouers (1986-'87) en sy het hom op Matie-leierstoere na die Republiek van Sjina (1987), die grensoorlogsgebied (1989) en Mosambiek (1990) vergesel.

Mej. Janneke Gouws en **mnr. Roelie Roelofse** (ablei 22) wat in 'n motorongeluk dood is. Sy was 'n fisioterapie- en hy 'n teologiestudent. □

Aanstellings en bevorderings

VERSKEIE senior aanstellings en bevorderings is onlangs by die Universiteit gedoen. Die nuwe professore, medeprofessore asook ander senior aanstellings in die Universiteitsadministrasie is:

Prof. M. J. Hattingh, medeprofessor in die Departement Plantpatologie, wat vanaf 1 Januarie professor asook dekaan van die Fakulteit Landbouwetenskappe geword het.

Prof. Hatting is sedert 1969 aan die US verbonde. Al sy akademiese kwalifikasies, insluitende 'n doktorsgraad in die mikrobiologie, is aan die US behaal. In 1984-'85 was hy besoekende professor in plantpatologie aan die Cornell-universiteit in die VSA.

Naas 'n stipendium van Cornell het hy ook 'n aantal Suid-Afrikaanse toekennings vir studie en navorsing in die buiteland ontvang, o.m. van die Sagte-, Droë en Inmaakvrugterade. 'n Omvattende toekenning van die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) is vir 1989-'93 aan hom verleen om sy program oor plantpatogene bakterië te finansier.

Nog 'n senior US-aanstelling vanaf dieselfde datum is dié van **prof. W. T. Claasen**, hoof van die Departement Semitiese Tale en Kulture, as Direkteur: Navorsing.

Prof. Claasen is sedert 1971 'n dosent, en vanaf 1986 professor en departementshoof. Al sy akademiese kwalifikasies is aan die US behaal, waaronder D.Litt. in 1971. In 1969 het hy die Kanseliersmedalje verwerf. Hy is ook direkteur van die US se Navorsingseenheid vir Rekenaartoepassings op die Taal en Teks van die Ou Testament wat grootliks deur die RGN ondersteun word.

Prof. J. Reyneke, wat sedert 1988 medeprofessor en hoof van die Departement Oor-, Neus- en Keelheelkunde was, is tot professor bevorder. Hy is 'n oud-Tukkie wat ook aan die Royal Sussex-hospitaal in Engeland (1956) verbonde was, in Pretoria gepraktiseer het en aan die Universiteit Kaapstad verbonde was.

Dr. J. Kinghorn het professor in Bybelkunde geword. Hy het gestudeer aan die UP en die Stellenbosse Kweekskool waar hy 'n doktorsgraad in 1982 behaal het. Nadat hy tydelik 'n Grieksdosent aan die UP was, werk hy sedert 1973 in die US se Bybelkunde-departement. In 1989 verwerf hy 'n Alexander von Humboldt-stipendium en 'n RGN-beurs vir buitelandse navorsing.

Dr. G. Jacobs, wat sedert einde 1987 senior lektor in Hortologie was, het professor geword. Hy het gestudeer aan die UP en aan die Universiteit van Natal waar hy 'n doktorsgraad behaal het. Hy was voorheen ook 'n hortologie-dosent aan die US gedurende 1970-'85, waarna hy hoofbestuurder van die SA Plantverbeteringsorganisasie was. →

Van links: proff. Hattingh, Claassen, Jacobs, Morgenthal en Van der Merwe.

Prof. J. C. Morgenthal, wat sedert 1988 medeprofessor was, het professor in Mens- en Dierfisiologie geword. Nadat hy aan die UP as veearts opgelei is, het hy in 1988 'n doktorsgraad in die landbouwetenskappe aan die US behaal. Hy was navorsingsbeampte op Onderstepoort en veearts by 'n firma in Port Elizabeth voordat hy in 1970 senior lektor aan die US geword het.

Prof. I. J. van der Merwe, wat sedert 1975 direkteur van die Instituut vir Kartografiese Analise en in dié hoedanigheid sedert 1984 professor was, is as professor in geografie aangstel. Hy tree nou steeds deeltyds as direkteur van die instituut op. Prof. Van der Merwe is 'n Oud-Matie en is sedert 1966 aan die US verbonde.

Prof. E. le Roux, 'n Oud-Matie wat BA en LL.B. (1950-'52) behaal het en sedert middel 1990 direkteur van die US se Regshulpkliniek is, het professor in Privaatreg geword. Voor sy US-aanstelling was hy prokureur in Pretoria, en was o.m. lid van die Regshulpraad en van die Landroshof-Reglementsraad asook ondervoorsitter van die adviesraad, Hof vir Klein Eise, Pretoria.

Prof. M. Russell is as medeprofessor in Sosiologie aangestel. Sy het aan die Universiteit van Natal gestudeer en 'n doktorsgraad aan die East Anglia-universiteit behaal. Tot voor haar aanstelling op Stellenbosch was sy 'n sosiale navorsingskonsultant by die Swaziland-universiteit. Sy was voorheen verbonde aan die universiteite van Natal, Londen, East Anglia en Juba, Sudan.

Dr. A. S. van Wyk het medeprofessor in Huishoudkunde geword. Sy is sedert 1972 aan die US verbonde en het in 1988 senior lektor geword. Al haar akademiese kwalifikasies is aan die US behaal, insluitende 'n doktorsgraad in 1987.

Dr. J. B. du Toit is as medeprofessor in Bedryfsielkunde aangestel. Hy is sedert 1972 aan dié departement verbonde, sedert 1986 as senior lektor. Al sy akademiese kwalifikasies, waaronder D.Phil. in 1986, is aan die US verwerf.

Dr. L. van Wyk, senior lektor in Wiskunde, het medeprofessor geword. Al sy akademiese kwalifikasies, insluitende 'n doktorsgraad in 1986, is aan die US behaal. Hy was 'n dosent aan die UPE voordat hy in 1986 op Stellenbosch aangestel is. Gedurende September 1989 tot Mei 1990 was hy besoekende assistent-professor aan die Texas A & M-universiteit in die VSA.

Dr. F. J. Coetzer is as assistent-registrateur (algemeen) aangestel. Hy was voorheen assistent-direkteur van die Afdeling Navorsingsadministrasie. Hy het aan die US gestudeer waarna hy 'n doktorsgraad in München verwerf het. Nadat hy by die Departement Landboutegniese Dienste gewerk het, is hy in 1972 as senior lektor in fisika aan die US aangestel.

Sy opvolger as assistent-direkteur: Navorsing is **dr. J. B. B. Heyns** wat sedert 1970 'n chemie-dosent aan die US was. Hy het BSc, SOD, BEd en 'n doktorsgraad aan die US behaal en ook aan Unisa en die Universiteit van Natal gestudeer. Voor sy US-aanstelling was hy 'n onderwyser asook technikondosent.

Mnr. J. A. Aspeling is as assistent-registrateur (akademies) aangestel. Hy het BComm, SOD asook 'n honneurs- en 'n M-graad aan die US behaal, is 'n oud-SR-voorsitter, is sedert 1979 aan die US-Administrasie verbonde en was in 1980-'81 'n dosent aan die Buitemuurse Afdeling. □

Proff. Le Roux, Reynecke, Kinghorn, Russel en A.S. van Wyk.

Proff. Du Toit en L. van Wyk, drr. Coetzer en Heyns, en mnr. Aspeling.

Die simposiumgangers, met prof. Van der Walt (regs voor), dr. Vorster (tweede van links voor) en mej. Marais (vierde van links in die tweede voorste ry).

Wêreld se kenners byeen oor plantsoort

DIE Departement Botanie was die gasheer vir 'n internasionale simposium oor die plantfamilie Geraniaceae wat by die Universiteit se seminaarsentrum buite Stellenbosch gehou is.

Sestien buitelandse plantkundiges uit Duitsland, Brittanje, Frankryk, Malawi en die VSA was by die simposium, die eerste internasionale een oor dié onderwerp in Suid-Afrika.

Die Geraniaceae is die familie waaraan die genus *Pelargonium* (wilde malvas) behoort.

'n Navorsingspan van die Departement Botanie onder leiding van prof. Adri van der Walt doen al etlike jare navorsing oor *Pelargonium*, 'n kenmerkende plantgenus van die suidwestelike Kaapprovinsie.

Prof. Van der Walt (as sameroeper) bygestaan deur dr. Piet Vorster en mej. Bettie Marais, albei ook van die departement, het die simposium gereël.

Altesaam 18 referate oor verskillende aspekte van die Geraniaceae is gelewer. Tans word vyf genera in die Geraniaceae onderskei, en oorsigreferate oor elkeen van die genera is voorgedra.

Ander referate het gegaan oor sitogenetiese kenmerke, die stuifmeelmorfologie, bestuiwingsbiologie, die morfologie van nektarieë en chemiese kenmerke, insluitend die chloroplas DNA variasies, van die Geraniaceae. □

Spesiale kursus oor elektrisiteitstariewe

DIE Departement Bedryfsekonomie het vroeg vanjaar 'n kursus oor die bepaling van elektrisiteitstariewe – die eerste soortgelyke een in die land – vir 22 belangstellendes van dwarsoor Suid-Afrika aangebied. Opleiding hieroor moes voorheen in die buiteland, o.m. in Frankryk en die VSA, gevolg word.

Daar word beoog om die kursus voortaan sowat vier keer per jaar aan te bied, sê die kursusleier, prof. Izak Lambrechts, voorsitter van die Departement Bedryfsekonomie. Hy verwag ook aansienlike belangstelling daarvoor uit ander Afrika-lande.

Werknemers van verskeie groot firmas en van die munisipaliteite van Durban, Pietermaritzburg, Kaapstad en Goodwood asook dosente van enkele ander universiteite het die eerste kursus bygewoon.

Dit het 'n week geduur en is by die US-Seminaarsentrum buite Stellenbosch in samewerking met die US se Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys (Buvo) aangebied.

Die Elektrisiteitsbeheerraad se voorsitter, prof. Roux de Villiers, 'n afgetrede vise-rektor van die Universiteit, het groot waardering uitgespreek vir die inisiatief wat die US saam met Eskom geneem het om die kursus in te stel. Prof. de Villiers het bywoningsertifikate aan die eerste 22 kursusgangers oorhandig.

In die volgende paar dekades sal die tariefbepaling van elektrisiteit groot aanpasbaarheid moet toon, omdat sowat twee derdes van Suid-Afrika se mense steeds nie elektrisiteit gebruik nie, het prof. de Villiers gesê. Hy meen toenemende elektrisiteitsgebruik sal lei tot groot ekonomiese groei en 'n beter algemene lewenspeil.

Hoë vraag

Prof. Lambrechts sê daar is 'n buitengewoon hoë vraag na kursusse oor die tariefbepaling van elektrisiteit in Suid-Afrika – veral by die werknemers van plaaslike owerhede (hoofsaaklik tesouriers en elektriese ingenieurs), raadgewende ingenieurs, universiteitsdosente en Eskom-personeel. Al vier dié groepe is by die US se eerste kursus verteenwoordig.

Naas prof. Lambrechts het ingenieursdosente van Stellenbosch en Potchefstroom, Eskom-werknemers en konsultante uit die private sektor dié kursus aangebied. □

Proff. Roux de Villiers (links) en Izak Lambrechts (regs) by die kursus saam met mnr. H. Barnard van Eskom, prof. I. Lane van Potchefstroom en mnr. H. Boshoff van Bellville se munisipaliteit.

Oud-BTKaners

DIE B.T.K., wat in 1990 weer as die Maties se lewendigste studentevereniging aangewys is, wil graag met alle oud-BTKaners in verbinding bly. Name, addresse en wanneer 'n mens lid was, kan gestuur word aan Berg- en Toerklub, LLS, Universiteit, Stellenbosch, 7600.

Teen R100 kan 'n mens 'n lewenslid word. 'n Jaarblad, Stap Nou, word uitgegee, 'n mens kry kennisgewings van alle uitstappies, daar is 'n jaarlikse reünie vir oud-lede en hul gesinne by die berghut naby Franschhoek en (mits daar plek is) kan oud-lede met vakansietoere saamgaan. 'n BTK-sweetbaadjie is ook teen R60 beskikbaar. □

U Eksklusiewe Kredietkaart Met Unieke Voordele

Nou is daar 'n eksklusiewe kaart vir Oud-Maties ontwikkel — 'n kredietkaart wat die band tussen u en u Alma Mater bevestig.

Die kaart bied al die voordele van 'n gewone kredietkaart en nog meer, spesiale aanbiedinge en groot pryse wat gewen kan word.

Elke keer wanneer u u Oud-Matiekaart gebruik, baat u en u Alma Mater daarby, want Volkskas Bank het onderneem om 'n deel van die inkomste wat normaalweg op so 'n kredietkaartrekening verdien sal word, aan die Universiteit te skenk.

Doen vandag nog aansoek om u Oud-Matiekaart. Vul die koepon in vir meer besonderhede. Of skakel (012) 21-3121 — en kry die kaart wat u met trots kan aanbied.

Pos hierdie koepon aan: Oud-Matiekaart, Privaatsak X87219, Houghton 2041.

Naam .....

Adres .....

.....

.... Poskode .....

Tel (W) ..... (H) .....

VOLKSKAS BANK

Volkskas Bank Beperk (Geregistreerde Bank) Reg. No. 78/03306/06

KV23C

NOW...

Designed in consultation with you –
unique engagement and wedding rings to suit your individuality

...AND FOREVER

The romance continues in the years ahead
with gifts of originally designed, handcrafted jewellery

EXCLUSIVELY AT

UWE KOETTER

DESIGNER GOLDSMITHS · DIAMOND DEALERS · WHOLESALE PRICES DIRECT TO THE PUBLIC

Winners of – Goldsmith Chamber Prize (Hamburg) – 1st Prize · 1982 Intergold – 2nd Prize
1985 Diamonds Today (De Beers) – 2nd Prize · 1988 Jewellery Council of SA – 1st and 2nd Prize

12TH FLOOR · MASTERBOND TRUST CENTRE · 101 ST GEORGE'S STREET · CAPE TOWN · PHONE 24-5335/6